**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

I 2.29 VOL 342 Pg. 19 489 - 19 555

**SAAKNOMMER: CC 482/85** PRETORIA

1988-02-09

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 342

(Bladsye 19 489 - 19 555)

HOF HERVAT OP 9 FEBRUARIE 1988.

MR BIZOS : Your lordship may recall that earlier your lordship granted leave to Mr Vilakazi, accused no. 10 to attend a course which he attended and completed successfully. There is going to be graduation ceremony. Although it is not going to be during court hours, there may be a gathering within the meaning of that expression in his bail. He would like to attend it personally.

COURT : Yes, it might become a gathering then.

MR BIZOS : That is so.

COURT : Insofar as it is a gathering for our purposes, it is no longer a gathering.

MR BIZOS : I have shown this to my learned friends. They have no objection.

COURT : When will that be?

MR BIZOS : 9 March.

COURT : What degree has he now got?

MR BIZOS : It is really a diploma in industrial relations which he completed with an aggregate between 70 and 74%. I suppose he was in a situation where he could not but work.

COURT : Yes.

NKANI AMOS MASIMANGO, v.o.e. (Deur tolk)

HOF : Voordat u begin wil ek net nog 'n paar vrae vra. Ek het u gister gevra oor die kreet "Amandla Ngawethu". -- Ja.

Ek wil u nou vra oor die kreet "Mayibuye e Afrika." Het u daardie kreet al gehoor? -- Nee, ek het dit nog nie gehoor nie.

Word dit nie by Inkatha vergaderings geskreeu nie? -- Nee, dit word nie geskreeu nie.

Ken u 'n straat met die naam van Hloanestraat? -- Nee.

Ken/...

Ken u ŉ straat met die naam van Zwanestraat? -- Ek hoor daarvan dat daar so ŉ straat is, maar ek weet nie waar die straat is nie.

En ŉ straat met die naam van Holwanestraat? -- Ek hoor ook net daarvan, maar ek weet nie presies waar om dit te vind nie. Ek sal u sê ek is nie so goed op hoogte met die name van die strate en die strate self nie, behalwe dat ek miskien by ŉ plek kom en dan sien ek dit is daardie straat.

As u hoor van Holwanestraat, is dit nie dieselfde as Zwanestraat nie? Dit is ŉ ander straat? -- Dit is nie dieselfde nie. Holwane is Holwane en Zwane is Zwane. Dit is twee verskillende name.

En Semestraat? Kan u so ŉ straat? -- Nee.

En ŉ plek met die naam van United Café? -- Nee, ek weet nie van United Café nie.

MNR. FICK : U edele, al die beskuldigdes is teenwoordig.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mnr. Msimango, ons is nog besig met die vergadering van 19 Augustus 1984. -- Ja.

Voordat beskuldigde nr. 1 gepraat het, is hy voorgestel op die vergadering? -- Wie is beskuldigde nr. 1 nou weer?

Baleka?

HOF : Laat hy net opstaan, asseblief. Onthou u hom? -- Ja, ek onthou hom.

Dit is beskuldigde nr. 1. -- Ja, hy was voorgestel as ŉ persoon wat van Soweto af gekom het.

MNR. FICK : Deur wie is hy voorgestel? -- Die persoon wat as ŉ voorsitter opgetree het, wat aan my onbekend is, het hom voorgestel.

Terwyl/...

Terwyl ons by die voorsitter is. Ken u ŉ persoon met die naam van Lazarus More? -- Ek ken hom nie.

Toe beskuldigde nr. 1 voorgestel is, is daar net gesê hy is van Soweto of is daar iets meer gesê van hom? -- Wat gesê was is dat hy van Soweto afkomstig is. Hy is ŉ lid van AZAPO.

Is hy die enigste een wat u weet wat voorgestel is as ŉ lid van AZAPO op die vergadering? -- Ja, net hy.

Beskuldigde nr. 2, mnr. Hlomoka - kan hy net opstaan. Ken u daardie persoon? -- Ek het hom daar gesien. Ek ken hom nie.

As u sê daar, praat u van die vergadering van 19 Augustus? -- Ja.

Waar het u hom gesien by die vergadering van 19 Augustus, beskuldigde nr. 2? -- Hy het net voor my gesit vanwaar ek gesit het.

Op die verhoog? -- Nee, nie op die verhoog nie. Net naby die verhoog voor my.

Het u op hierdie vergadering enigiets gehoor van Azanian Youth Unity? -- Nee, ek het nie gehoor nie.

Of AZANYU? -- Ek het niks gehoor wat daaromtrent gesê was nie.

Is u seker? -- Ja, ek is seker.

U sê nadat beskuldigde nr. 1, mnr. Baleka, sy toespraak gemaak het, is u uit die saal uit? -- Ja, dit is reg.

Het u gehoor wie is die volgende spreker, of daar ŉ volgende spreker voorgestel word voor u by die saal uit is? -- Ek kon nie hoor nie. Die rede hoekom is omdat ek baie sleg gevoel het en ek het gekonsentreer op hoe ek gevoel het op pad uit.

Het/...

Het jy sleg gevoel toe jy getolk het ook? -- Ek het my beste probeer om alles te tolk tot ek klaar getolk het en probeer aanhou sodat ek op 'n latere stadium kan uitgaan.

HOF : As u sleg voel, is dit nou u maag wat seer is, is dit u kop wat pyn of is u lighoofdig, of hoe voel u? -- Ek ly aan hoë bloeddruk en as ek begin warm word, dan word ek duiselig. Ek kan maklik val.

MNR. FICK : Het u so gevoel terwyl u getolk het? -- Toe ek begin tolk het, was dit nie so gewees nie. Ek het nie so gevoel nie, maar later het ek wel so gevoel. Dit was na aanleiding van die baie mense wat daar was, dat ek warm geword het, dat ek dit so gevoel het.

Het u so gevoel terwyl u vir beskuldigde nr. 16, mnr. Manthata getolk het of terwyl u vir beskuldigde nr. 1 getolk het? -- Dit het begin in die tyd waar ek besig was om as tolk op te tree waar beskuldigde nr. 1 die toespraak gemaak het.

Daar is in hierdie hof beweer dat beskuldgide nr. 2 ook op die vergadering gepraat het en dat sy toespraak ook getolk is. U het nie vir hom getolk nie? Dit is vir mnr. Hlomoka? -- Nee, nee, nie vir hom nie. Ek het nie vir hom getolk nie.

U sien, ek het 'n probleem met u getuienis, want die getuienis hier voor hierdie hof is dat beskuldigde nr. 1 is voorgestel nie van AZAPO nie, maar beskuldigde nr. 2 is voorgestel as 'n spreker van AZAPO? -- Nee, dit sal ek nou nie weet nie. Ek kan dit nie betwis nie, maar ek weet nie.

En beskuldigde nr. 1 is voorgestel as 'n spreker van AZANYU? -- Is AZANYU en AZAPO dan twee organisasies? Ek het nie geweet nie.

Het u nie dalk die dinge deurmekaar dat u wel vir

beskuldigde/...

beskuldigde nr. 2 van AZAPO getolk het nie? -- Nee, ek ken nie vir beskuldigde nr. 2 nie. Ek ken vir Baleka, beskuldigde nr. 1.

Daar is nêrens nog in hierdie hof ooit beweer dat daar twee verskillende tolke was by die vergadering nie?

HOF : Ons het darem die naam Khambula al gehoor.

MNR. FICK : Dit is so, maar hierdie persoon is uitgewys as Khambula.

HOF : Ons het nog nooit eintlik navraag gedoen oor tolke tot dusver nie. Nou word dit skielik belangrik vir u. Ek weet nie hoe dit vir my belangrik is nie.

MNR. FICK : Beskuldigde nr. 1, het hy van die verhoog af gepraat? -- Ja.

Was beskuldigde nr. 1 net een keer by die verhoog? -- Ja.

Waar het beskuldigde nr. 1 gesit voor hy sy toespraak gemaak het? -- Net daar voor die verhoog het hy gesit.

As u sê voor die verhoog, bedoel u voor op die verhoog of tussen die gehoor voor die verhoog? -- Nee, nie op die verhoog nie, maar daar onder voor die verhoog.

U het nie gesien dat beskuldigde nr. 1 staan op voor hy sy toespraak maak en gaan na die verhoog toe en praat daar met die man wat u sê die voorsitter is nie? -- Ek het dit nie gesien nie.

En het u gesien of beskuldigde nr. 2, voor hierdie vergadering uit is, na die verhoog toe is en daar met die voorsitter gaan praat? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Sou jy dit gesien het as dit gebeur het? -- Ek sou dit gesien het, ja.

Net vir rekorddoeleindes wil ek dit aan u stel dat daar is gesê in volume 239 op bladsy 12 693 en in volume 220 op

bladsy/...

bladsy 11 645 dat terwyl beskuldigde nr. 16 gepraat het, het beskuldigde nr. 1 na die voorsitter toe gegaan en toestemming gevra om te praat? -- Bedoel u tydens die toespraak deur Manthata het dit gebeur?

Korrek. -- Ek het dit nie gesien nie, want ek het my aandag op Manthata gehad. Ek en hy was besig.

Ek wil dit ook aan u stel die getuienis is dat beskuldigde nr. 2 terwyl beskuldigde nr. 1 gepraat het, ook na die verhoog toe gegaan het en vir die voorsitter gevra of hy kan praat? -- Ek weet nie daarvan nie.

Dit is die bewering wat gemaak is in volume 226 op bladsy 11 970. Ek stel dit aan u, u is verkeerd, beskuldigde nr. 1 het nie net na beskuldigde nr. 16, mnr. Manthata, gepraat op die vergadering nie, maar beskuldigde nr. 2 het eerste gepraat? -- Wat ek van weet is dat ek opgetree het vir twee persone daar as ŉ tolk, naamlik Manthata en Baleka.

HOF : Ja, maar die punt is, het u dit net na mekaar gedoen of was daar nog ŉ spreker tussenin? -- Nee, onthou nie dat daar ŉ ander spreker tussenin was nie.

MNR. FICK : Is dit moontlik? -- Ek glo dit kan moontlik wees nie.

Op hierdie vergadering van 19 Augustus 1984 was daar gesing? -- Daar was ŉ kerklied gesing.

Net ŉ kerklied, niks anders nie? -- Dit is reg.

Was daar ŉ klomp slagspreuke geskreeu? -- Byvoorbeeld soos wat?

"Amandla Ngawethu" deur verskillende sprekers? -- Daar was hoegenaamd geen geraas gewees nie, behalwe in een geval toe Manthata gaan sit het.

HOF : Was daar slagspreuke uitgespreek en nie geskreeu

nie/...

nie? -- Nee, daar was nie.

MNR. FICK : Die atmosfeer van hierdie vergadering op 19 Augustus 1984, hoe sou u dit beskryf? -- Dit was vreedsaam gewees. Almal het aandagtig geluister na wat gesê word.

Het u op hierdie vergadering gesien van 19 Augustus 1984 dat daar enige verslaggewers van koerante is? -- Ek het een teenwoordig daar gesien naamlik mnr. Nkabinde, Ernest Nkabinde. Dit is sy volle naam.

Het daar nie by hom nog ꞌn ander verslaggewer gesit nie? -- Ek het alreeds vir die hof gesê hy is die enigste persoon wat ek gesien het. Die ander mense ken ek nie.

Ken u vir Joshua Raboroka? -- Ek ken hom nie persoonlik nie. Ek sien net in die koerantberigte dat daar so ꞌn persoon is.

In BEWYSSTUK AAQ7 ꞌn verslag deur Joshua Raboroka beskryf hy hierdie vergadering as "an emotion charged meeting" wat bygewoon is deur "one thousand five hundred angry residents." Wat sê u daarvan? -- Nee, ek stem nie saam met hom nie. Die mense het wel die vergadering bygewoon met die oog daarop om te kom luister na dit waaroor die mense bekommerd was. Verder sy beskrywing dat die mense kwaad was is nie korrek nie.

En hy sê verder in sy verslag dat daar was "shouting of black power slogans and chanting of songs by the crowd." Wat sê u daarvan? -- Wat is die "black power" nou?

Het u nog nooit gehoor van die uitdrukking "black power" nie? -- Ek hoor daarvan, maar ek weet nie eintlik wat dit is nie.

HOF : Weet u wat is ꞌn "black power slogan"? -- Nee, ek weet nie.

MNR. FICK : En wat sê u van die bewering dat daar "chanting of songs" was gedurende die vergadering deur die toehoorders? -- Ek sê ek het dit nie gehoor nie.

Terwyl u by die vergadering was, het u gehoor enige sprekers verwys na die kwessie van onvoldoende konsultasie tussen die regering en die gemeenskap?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is u klaar met die koerantberig?

MNR. FICK : Dit is korrek.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Die koerantberig is nie aan u voorgelê nie, maar dit is al 'n paar keer in die hof voorgelê. Dit staan so in die koerantberig. Ons het dit al 'n paar keer gesien. Sou u dan sê dat die mense wat so 'n koerantberig lees het 'n valse beeld gekry van wat op die vergadering gebeur het? -- Ek sal so sê, ja, want ek was by hierdie vergadering teenwoordig. Ek sal sê dat hulle baie verkeerde inligting gekry het om daar in die koerante dit te laat druk.

MNR. FICK : Het enigiemand op die vergadering terwyl u daar was verwys na die kwessie van onvoldoende konsultasie tussen die regering en die gemeenskap? -- Nee, ek volg nou nie wat u daarby bedoel nie. Ek weet nie van so iets nie.

Het enigiemand op die vergadering gesê die regering praat nie met die gemeenskap nie en doen goed op hulle eie? -- Nee, ek onthou nie dat daar so iets gesê was deur iemand nie.

En het enigiemand op hierdie vergadering verwys na Ratanda en Mohlakeng? -- Is dit by die vergadering van die 19de?

Ons bly by die vergadering van die 19de tot ek vir u sê ons gaan nou na 'n ander vergadering toe. -- Nee, mnr. Manthata het gepraat van Heidelberg.

Het/...

Het hy net van Heidelberg gepraat? -- Ja.

Wat het mnr. Manthata, beskuldigde nr. 16, gesê van Heidelberg? -- Hy het melding van Heidelberg gemaak in hierdie verband, dat ons die raadslede moet vra om met ons te kom vergader en met die samespreking daar, indien hulle voel dat hulle nie die pligte kan uitvoer soos dit van hulle verwag word nie, sal ons hulle dan moet vra om te bedank, net soos die raadslede van Heidelberg wat toe bedank het op versoek van die gemeenskap na hulle besef het dat hulle nie die pligte kan nakom nie.

Het enigiemand op die vergadering van 19 Augustus verwys na die militêre begroting? -- Ek het niemand gehoor nie.

Het enigiemand op hierdie vergadering van 19 Augustus verwys na sekere organisasies in sy toespraak? -- Watter soort organisasies praat u van?

Enige organisasies? -- Nee, ek het niemand gehoor praat en verwysing maak na bestaande organisasies nie.

Het enigiemand op die vergadering van 19 Augustus verwys na maniere wat raadslede sou aangewend het om die mense te kry om vir hulle te stem? -- Ja.

Wie het daarna verwys? -- Mnr. Manthata het dit genoem in hierdie verband dat die raadslede, terwyl hulle nog as kandidate gaan staan vir die verkiesing, sal hulle die gemeenskap nader en vir die gemeenskap vra dat die gemeenskap hulle moet ondersteun om gekies te word en hulle belowe die gemeenskap dat hulle, wat raadslede is, sal voldoen aan die vereistes van die gemeenskap.

Het enigiemand op hierdie vergadering daarop gesinspeel dat die raadslede mense omgekoop het om vir hulle te stem? -- Nee, niemand het dit gesê nie.

Het/...

Het enigiemand op hierdie vergadering gesê dat die gemeenskap het mag, maar die gemeenskap weet net nie hoe om dit te gebruik nie? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

Het enigiemand op hierdie vergadering gesê dit het nou tyd geword dat die gemeenskap sy mag wys? -- Nee, niemand het dit gesê nie.

Het enigiemand op die vergadering gesê dat ons het die raadslede gevra om te bedank en hulle werk te los en nie die huur te verhoog nie, maar die mense hoor nie? -- Nee, niemand het dit gesê nie.

Het enigiemand op hierdie vergadering gesê dat die raadslede is ŉ klomp "puppets"? -- Ek weet nie van ŉ persoon wat die raadslede "puppets" genoem het nie.

U sou dit onthou het as dit gebeur het? -- Ek sou dit onthou het, ja.

Het enigiemand op hierdie vergadering gesê dat as die mense nie hulle huur betaal nie, sal Mahlatsi sy inspekteurs stuur en dan gaan die mense uitgesit word? -- By hierdie vergadering? Ek onthou dit nie.

U sien, die getuienis voor hierdie hof is dat beskuldigde nr. 1 het op hierdie vergadering na die raadslede verwys as "puppets"? -- Terwyl ek daar namens hom getolk het? Ek het dit nie gehoor nie. Hoe sou ek daardie woord "puppet" getolk het? Ek weet nie wat dit beteken nie.

HOF : Het u dit al vantevore gehoor, voor in hierdie hof? -- Ek het daarvan vantevore gehoor dat die mense na ons verwys, mense wat lede was, wat saam gewerk het met die UBC, hulle is "puppets".

Wat beteken dit? -- Ek weet nie wat dit beteken nie. Ek aanvaar dit beteken dat ons miskien onnosel is.

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Maar u het nooit gaan probeer uitvind hoekom noem die mense u "puppets" nie? -- Ek het dit nie opgevolg nie, want ek is daarvan bewus dat enige ding gesê kan word aan ŉ persoon wat ŉ hoë posisie beklee.

HOF : Is dit die praktyk om enige ding vir ŉ man in ŉ hoë posisie te sê? -- Ek kan nie sê dit is ŉ praktyk nie. Kyk, mense sal nie almal van jou hou in daardie posisie wat jy beklee nie. So, die mense wat nie van jou hou nie, sal baie te sê hê oor jou wat nie goed is nie. Die ander wat van jou hou sal niks te sê hê nie.

MNR. FICK : Het enigiemand op hierdie vergadering gesê dat die raadslede het mag of krag wat hulle verkeerd gebruik, hulle sit al die mense uit die huise uit as hulle nie hulle huur betaal nie? -- Ek weet nie of iemand dit gesê het nie. Ek het dit nie gehoor nie.

Is daar op hierdie vergadering gesê deur enige van die sprekers dat hy weet daar sal mense wees wat wel die verhoogde huur gaan betaal omdat hulle bang is vir uitsetting? -- Ek weet nie daarvan dat dit gesê is nie. Dalk was dit miskien gesê na ek die lokaal verlaat het terwyl ek daar buite was. Ek kan nie sê nie, maar nie in my teenwoordigheid nie. Ek het dit nie gehoor nie.

Het enigiemand op die vergadering gevra of die vraag geopper maar wat gaan gebeur, wat van die mense wat wel die verhoogde huur betaal? -- Ek weet niks daarvan dat daar so iets gemeld was van mense wat sal kan gaan betaal nie. Wat ek wel van weet is dat ŉ resolusie aanvaar is daar by hierdie vergadering dat die verhoging van R5,90 nie betaal moet word nie.

U het vir die hof in u hoofgetuienis gesê dat beskuldigde

nr. 16 sou gesê het hulle moet gaan pleit by die raadslede omdat die mense nie die verhoogde huur kan bekostig nie en as hulle nie wil toegeë aan hulle versoek nie, moet hulle vra dat hulle bedank? -- Ja, dit is wat hy gesê het.

En het beskuldigde nr. 16 verder uitgebrei, mnr. Manthata, en gesê wat moet gedoen word as die raadslede nou omdraai en sê hulle wil nie bedank nie? -- Nee, hy het nie gesê wat die alternatiewe raad gaan wees nie. Wat om gedoen te word.

Het u nie gewonder wat gaan nou gebeur as die raadslede sê hulle gaan nie bedank nie? -- Dit het in my gedagte gekom dat ek daaroor begin dink het, dat as hulle nou weier om te bedank, beteken dus dat ons moet wag tot en met die verkiesings, dan sal ons hulle daar by die verkiesings af kan kry.

En het u na die vergadering die probleem wat in u gedagte opgekom het bespreek met die mense wat saam met u by die vergadering was? --Nee, ek het dit met niemand bespreek nie.

HOF : Is ek geïnteresseerd daarin? Ek is net geïnteresseerd wat op die vergadering gebeur het.

MNR. FICK : Na die vergadering, het enige van die persone wat saam met u was vir u gesê wat verder besluit is indien raadslede nou nie sou bedank op die vergadering nie? -- Nee, niemand het dit gesê nie. Al wat gesê was deur hierdie mense daar is dat ons wag nou vir die ander vergadering wat gehou gaan word. Ons gaan dit verder daar bespreek.

Het u geweet dat daar 'n verdere vergadering gehou gaan word na hierdie vergadering van 19 Augustus? -- Ja, daar was melding daarvan gemaak dat daar nog 'n vergadering gehou gaan word op die 26ste.

Wanneer was daar melding daarvan gemaak? Wie het

daarvan gepraat? -- Toe ek teruggekeer het na die vergaderplek, dit is die saal, was die mesne besig om uit te stap. Dit is die mense wat besig was om die vergadering te verlaat wat ek ontmoet het wat vir my gesê het dat daar nog ŉ vergadering gehou gaan word op die 26ste.

Was u by die vergadering van 26 Augustus? -- Nee, ek het nie daardie vergadering bygewoon nie.

Hoekom nie? -- Ek moes ŉ begrafnis bywoon in die Vrystaat. So, ek was nie beskikbaar gewees nie.

Ek wil dit aan u stel wat wel gebeur het op die vergadering van 19 Augustus. Ek wil dit aan u stel dat beskuldigde nr. 16 het op hierdie vergadering gesê dat die gemeenskap het krag, maar hulle weet nie - of mag - om dit te gebruik nie? -- Ek het alreeds gesê ek weet nie daarvan nie.

Dan stel ek dit verder aan u beskuldigde nr. 16 het verder vir hierdie gehoor gehoor gesê dat die raadslede was gevra om te bedank en om nie die huur te verhoog nie, maar hulle het nie gehoor gegee nie? -- Dat hulle versoek was?

Ja? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

En beskuldigde nr. 16 het toe gesê dat die raadslede se besighede moet geboikot word? -- Ek kan nie onthou nie.

En beskuldigde nr. 16 het die papier wat hy in sy hand gehad geskeur en op die grond gegooi en gesê dit is so goed of die ding word verbrand? -- Nee, hy het dit glad nie gedoen nie.

Die papier wat beskuldigde nr. 16 in sy hand gehad het, dit was nie notas waarna hy gekyk het terwyl hy sy toespraak gemaak het nie, maar dit was ŉ kennisgewing van die huurverhoging? -- Ek weet nie daarvan nie.

En/...

En toe het beskuldigde nr. 16 gesê dit is nou tyd dat die raadslede gedood word, hulle wil nie bedank nie, hulle moet gebrand word, gestenig word? -- Dit is die enigste groot fout waarvan ek vir die eerste keer begin hoor vandag hier. Dit het nie gebeur nie.

Dan wil ek dit aan u stel dat beskuldigde nr. 1 het op die vergadering ŉ gedig opgesê? -- ŉ Gedig?

Ja? -- Wat was die titel van die gedig?

"Africa"? -- Ek het hom nooit gehoor daarvan praat nie.

En beskuldigde nr. 1 is voorgestel as ŉ man wat kom van Soweto en hy het gekom om die mense te ondersteun in hulle "struggle" hier in die Vaal? -- Wie het dit gesê, sê u?

Beskuldigde nr. 1 het gesê hy is van Soweto om die mense te ondersteun in hulle stryd? -- Nee, ek het hom nie gehoor daardie woorde besig nie.

Beskuldigde nr. 1 het toe gesê hy wil nie raadslede hê nie? Hy soek nie raadslede nie? -- Hy het nie gesê dat hy nie die raadslede wil hê nie.

Het hy enigiets teen die raadslede gesê? -- Wat hy gesê het is moeilik en skep ŉ baie groot probleem vir mense en dit is dat die huurgelde verhoog word en daar is baie mense wat werkloos is en na ŉ persoon sy werk verloor het, moet hy wag vir die blou kaart se geld wat hy moet kry en dit neem lank voor dit uitbetaal word. Met die gevolg dat daar groot probleme is wat deur die mense ondervind word.

Ek stel dit aan u beskuldigde nr. 1 het verder vir die gehoor gesê "Ons moet wys hoe kragdadig ons is met wat ons kan doen en ons moet die raadslede maak bedank"? --Indien hy dit gesê het, sou ons hom gevra het hoe om dit te doen, dat ons hulle kan laat bedank.

Ek/...

Ek stel dit aan u hy het verder gesê dat die mense moet bymekaar kom, die jeug weet hoe om te baklei en as die jeugdiges begin, kan die ouers volg? -- Nee, ons sou hom sterk gewaarsku het. Hy het dit nie gesê nie.

Beskuldigde nr. 1 het verder gesê "Let us face the music"? -- Soos wat?

HOF : Die terme moet getolk word in Engels. As ek reg onthou is die getuienis hy het gesê "Let us face the music." -- Ek het nie daardie woord gehoor nie.

MNR. FICK : Beskuldigde nr. 1 het toe ʼn oproep gedoen op die skoolkinders dat hulle die onderwysers moet nader sodat hulle hulle studenterade kan stig by die skole? -- Dit is nie die waarheid nie.

Beskuldigde nr. 1 sou ook gesê het dat as Mahlatsi die huurgeld verhoog moet Mahlatsi die huurgeld betaal, want die mense het nie geld nie? -- Daar was geen so ʼn woord wat daar gebruik is nie.

Het beskuldigde nr. 1 gesê dat as die geld ingevorder word vir die ekstra huur, gaan dit aangewend word tot voordeel van die Suid-Afrikaanse Weermag? -- Daar is geen waarheid in wat u nou gestel het nie.

Dit is gestel as dat beskuldigde nr. 1 dit sou gesê het in volume 26 op bladsy 1 248. Het beskuldigde nr. 1 gesê dat as die verhoogde huur betaal word, moet die mense seker maak dat die regering die geld gebruik vir die doeleindes waarvoor hulle dit invorder? -- Ek weet niks daarvan dat daar so iets gesê is nie.

Op hierdie vergadering van 19 Augustus 1984, is daar enige petisievorms of vorms rondgestuur wat die mense moes teken? -- Op die 19de het ek geen papiere gesien wat

rondgevat/...

rondgevat was nie.

Hoe het dit gekom dat u die vergadering van 2 September 1984 gaan bywoon het? -- Ek kon nie die vorige vergadering bygewoon het nie. Ek het later verneem dat daar wel ŉ ander vergadering gaan wees op die 2de. Dus het ek soontoe gegaan.

Hierdie vergadering van 2 September 1984, u sê daar was ŉ banier by hierdie vergadering. Is dit reg? -- Ja.

Was dit dieselfde banier as die een wat u vantevore gesien het of was dit ŉ ander een? -- Dit was die ou een wat ek al vantevore gesien het.

HOF : Wat u waar gesien het? -- Ek het dit op die 19de gesien. Dit was weer geplaas by dieselfde plek.

MNR. FICK : is daar op hierdie vergadering van 2 September 1984 enige resolusies uitgelees? -- Die vergadering het vir ŉ baie kort tydjie geduur.

Nou antwoord u nog nie die vraag nie. Is daar op hierdie vergadering van 2 September 1984 resolusies uitgelees?-- Daar was net ŉ aankondiging gemaak oor die petisie en oor die eerwaarde se pligte wat hy uitgevoer het aangaande dit. ŉ Persoon met die naam van Khehla Mthembu, wat ook daar kom kuier het, is voorgestel.

Moet ek daarvan aflei dat die resolusies is nie deur die voorsitter van die vergadering uitgelees op enige stadium nie? -- Ek het niks gehoor wat gelees is by hierdie vergadering wat betrekking gehad het op die vorige een nie.

Die verwysing is volume 227 bladsy 12 029. Die getuienis is dat aan die begin van die vergadering is die resolusies weer uitgelees. Beskuldigde nr. 3, in u hoofgetuienis het u gesê nadat daar gesing is en die vergadering geopen is met ŉ gebed, "again the question rent was discussed and mention

made/...

made of documents which were signed and some not properly signed." Wat se dokumente is dit? -- Dit is die petisie waarvan ons gepraat het.

Wat het beskuldigde nr. 3 te sê gehad oor die petisie op hierdie stadium? -- Wat hy gesê het was dat die ander mense die vorms terug besorg het aan hom en dit was nie volledig gedoen nie, in die sin dat hulle nie vol geteken was nie en toe verder uitgebrei deur te sê dat 'n persoon sal eers 'n handtekening moet opsit en dan sy volle naam skryf en dan die adres gee. Dit is waarvan hy praat as hy sê dit is onvolledig.

Het beskuldigde nr. 3 op daardie stadium ook gepraat van samesprekings tussen die raadslede en die gemeenskap? -- Hy het gesê dat as die raadslede nie nou die stap verander aangaande die verhoging van die huur nie, sal dit dan nodig wees om verdere stappe te neem om die verhoging te verhoed deur die regsmanne te gaan sien, dat hulle dan op die hele ding kan ingaan.

Nee, dit is nie wat ek vir u gevra het nie. Het beskuldigde nr. 3 op daardie stadium ook gesê of gepraat daarvan dat die raadslede met die gemeenskap moet saam kom en praat oor die huurverhogings? -- Ek het dit gehoor by die vorige vergadering wat ek bygewoon het dat wat gesê was daar was die raadslede moes eers met die gemeenskap vergader, maar die raadslede wil nie kom nie.

Ons is nou by die vergadering van 2 September, het beskuldigde nr. 3 op enige stadium gesê die raadslede en die gemeenskap moet bymekaar kom en die verhoogde huur bespreek? -- Ek het alreeds gesê dat ek dit nie gehoor het nie.

Ek stel dit aan u, dit was u hoofgetuienis gister

gewees/...

gewees? -- Dat ek gesê het die predikant het gesê ons moet met die raadslede vergader?

Die gemeenskap en die raadslede moet bymekaar kom en die kwessie van die verhoogde huur bespreek? -- Nee, wat ek gesê het is dat die predikante het daarvan gepraat dat hierdie dokumente na die raadslede geneem sal word, dat dit bespreek word deur die raadslede onder mekaar, maar hulle wil nie. As hulle dit nie kan doen nie, dan sal daar verdere stappe geneem moet word om die prokureurs te gaan sien.

Het beskuldigde nr. 3 gesê wanneer die raadslede die petisie moet kry en hoe dit gaan gebeur? -- Wat hy gesê het is dat hierdie petisies wat geteken word, sal by sy woning agter gelaat moet word.

Dit is nie die vraag nie. Die vraag is, het beskuldigde nr. 3 nie gesê hoe en wanneer die raadslede hierdie petisies moet kry nie? -- Nee, hy het nie gesê nie.

Die laaste vraag, het niemand hom gevra op die vergadering maar hoe nou, hoe gaan dit nou werk nie? -- Ja, dit was gevra deur iemand, naamlik dit is omtrent alreeds die dag van die verhoging van die huur dat dit verhoog is en hoe gaan hierdie ding nou werk?

Is daar besluit hoe hierdie petisies vir die raadslede gegee gaan word en wanneer? -- Ek het nie 'n besluit gehoor wat daar geneem was nie.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

NKANI MOSES MSIMANGO, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Op die vergadering van 2 September 1984, is dit net beskuldgide nr. 3 wat gepraa het in verband met die petisies? -- Ja.

Op hierdie vergadering van 2 September 1984, wat is

besluit/...

besluit oor die petisies? -- Daar was nie ŉ besluit geneem nie.

Is daar enigiets gedoen in verband met petisies op die verhoging of is daar net oor gepraat? -- Toe ons uit die vergadering uit gaan, het hulle gesê dat dié wat nie geteken het nie, sal moet teken.

En daar het toe mense geteken? -- Ja, toe ons uitgekom het vind ons mense daar buite met die petisies. Ons het dit toe geteken.

Is dit al wat daar gedoen is op die vergadering in verband met die petisies? Die mense het geteken? -- Ja, dit was net geteken.

Is daar enige name neergeskryf van mense in verband met die petisie? -- Ek het self my naam opgeskryf.

Nee, nee, behalwe die mense wat die petisie geteken het as mense wat die ding ondersteun, is daar enige ander name gevra of neergeskryf van persone in verband met die petisie? -- Ek het dit nie gesien nie.

Ek kan nie onthou of ek dit al vir u gevra het nie. Ken u vir Nozipho Myeza? -- U het my al gevra. Ek het gesê ek ken haar nie.

Was daar nie op hierdie vergadering mense uitgewys wat moes help met die petisie nie? -- Niemand was uitgewys nie.

U sien, in volume 227 op bladsy 12 037 is getuig dat Nozipho Myeza het die name van die mense wat gehelp het met die invordering van die handtekeninge neergeskryf op die vergadering? -- Ek weet niks daarvan nie, wie die persoon is wat daardie mense gekies het nie.

As daar getuienis in hierdie hof is dat daar wel plakkate in die kerk was teen die mure, wat sê u daarvan? Kan u

dit/...

dit betwis of kan u dit nie betwis nie? -- Nee, ek weet niks nie. Ek sal dit nie kan betwis nie, want ek het dit nie gesien nie. Al wat ek gesien het daar binne-in was die "scaffolding" want daar was werk gewees wat gedoen is binne-in die kerk.

Het daar tydens die vergadering ŉ boekie rondgegaan tussen die gehoor waarop mense geskryf het? -- Om die waarheid te sê, ek het dit nie gesien nie.

U het dan gister vir die hof gesê in u hoofgetuienis daar het ŉ persoon gepraat na beskuldigde nr. 3 gepraat het, eerwaarde Moselane. Wie was dit? Weet u? -- Ja, die persoon wat daarna gepraat het se naam is Khehla Mthembu.

Ken u vir Khehla Mthembu? -- Ek ken hom nie, want ek het hom vir die eerste keer gesien op die vergadering.

Is Khehla Mthembu voorgestel aan die vergadering? -- Al wat gesê was is dat ons het hier ŉ besoeker. Ek kan nie onthou waarvandaan die persoon gekom het en of dit gesê was nie.

En is daar gesê hoekom die besoeker hier op die vergadering is? -- Nee, daar was niks gesê nie, behalwe dat daar gesê was dat die persoon is ŉ besoeker wat die plek kom besoek het.

Weet u enigsins waaroor die man gepraat het? -- Ja.

Waaroor het hy gepraat? -- Hy het gepraat daarvan dat hy daar was om die mense van Sharpeville te kom aanmoedig. Dat hulle moet verenig en bymekaar staan en dat hulle met die raadslede moet praat oor die verhoging van die huur, soos die mense van Mohlakeng gedoen het wat daarin geslaag het omdat hulle verenig was om nie die huur te laat verhoog word nie.

Het Khehla Mthembu gesê van watter organisasie hy is?

Nee/...

-- Nee, ek kan nie sê nie. Ek weet nie of hy ooit dit gesê het nie.

Ek stel dit aan u Khehla Mthembu is van AZAPO - is voorgestel as van AZAPO? -- Ja, ek hoor wat u sê.

HOF : Stem u saam met die advokaat? -- Ek het dit nie gehoor nie.

MNR. FICK : En Khehla Mthembu het verder ook gesê - hy het gepraat oor die huurkwessie en oor ŉ wegbly-aksie vir 3 September, die volgende dag? -- Hy het niks van die wegbly-aksie gepraat nie.

Ek stel dit aan u hy het verder gesê die mense moet nie bekommerd wees as hulle van die werk af weggejaag word nie, want AZAPO sal hulle bystaan? -- Hy het dit nie gesê nie.

Hierdie vergadering van 2 September 1984, is daar op die vergadering self gesê wie het hierdie vergadering gereël? -- Nee, dit was nie gesê nie.

Ek stel dit aan u hierdie was ŉ vergadering gewees wat gehou was deur al die organisasies in die Vaal, soos AZAPO, COSAS en die VCA? -- Ek weet niks daarvan nie. Ek weet nie eers van die bestaan van hierdie organisasies nie.

Hoe kan u dit vir die hof sê? Is u nie ŉ man in Inkatha en u is bedrywig in die aktiwiteite van die gemeenskap nie en u het nog nooit gehoor van sulke organisasies nie? -- Ek weet nie van die bestaan van hierdie organisasies in Sharpeville nie. Ek was wel daarvan dat daar sulke organisasies bestaan, maar ek het nie geweet wie die persone is wat te doene het met hierdie organisasies nie. Ek het ook in die koerante ŉ berig gelees.

K1124 U het in u getuienis gepraat van ŉ dokument wat daar getoon is of van gepraat is op die vergadering van 2

September 1984. Op watter stadium van die vergadering het hierdie dokument ter sprake gekom wat daar deur 'n vrou van gepraat is? -- Die papier was daar getoon gewees as iets wat bekend gemaak word dat dit bevat die besluite van mense van Sebokeng en Evaton, wat hulle wil doen.

Ja, maar nou het u die vraag nog nie geantwoord nie. Op watter stadium van die vergadering het hierdie dokument ter sprake gekom? Heel aan die begin of wanneer? -- Net voor die sluiting van die vergadering.

Jy sê in jou hoofgetuienis dat daardie dokument is nie bespreek nie? -- Nee, dit was nie bespreek nie.

En daar was ook geen besluite geneem oor hierdie dokument nie? -- Geen besluite nie.

Ek stel dit aan u u geheue oor hierdie vergadering van 2 September is uiters swak? -- Ek onthou.

U het vir die hof gesê in u hoofgetuienis dat beskuldigde nr. 2, wat u betref, het hy gepraat - het u hom gesien by die vergadering van 19 Augustus? Dit is mnr. Hlomoka? -- Ja.

Hier is getuienis voor die hof dat beskuldigde nr. 2, mnr. Hlomoka, was by die vergadering van 2 September ook? En hy was nie net daar nie, hy het gepraat ook? -- Nee, ek het hom nie gehoor nie. Daar het ek net gesit. Wie het vir hom getolk?

Nee, dit sal ek nie weet nie, maar beskuldigde nr. 2 het gepraat op hierdie vergadering volgens die getuienis voor hierdie hof in verband met hierdie dokument wat die vrou getoon het? -- Ek het die laaste hiervan geweet toe die vroumens gepraat het van daardie dokument wat sy gehad het.

HOF : U bedoel die vrou is die laaste een wat oor daardie dokument gepraat het? -- Ja.

MNR. FICK/...

MNR. FICK : En beskuldigde nr. 2 self sê vir die hof hy het gepraat op daardie vergadering? -- Ek sal dit nie betwis nie. Ek sê ek het hom nie gehoor nie.

HOF : Was u wakker op die vergadering? -- Ek het wakker gesit daar binne, 'n bietjie agter toe, maar wakker.

Nee, ek vra, want partykeer is die vergaderings maar 'n bietjie vervelig. -- Ja, dit gebeur.

MNR. FICK : In volume 220 bladsy 11 669 sê beskuldigde nr. 2 het hy gepraat op die vergadering en in volume 232 op bladsy 12 333 sê beskuldigde nr. 3 ook beskuldigde nr. 2 het gepraat op hierdie vergadering? -- Ek sal dit nie betwis nie, maar ek sê volgens my het ek hom nie gehoor praat nie.

U het verder in u getuienis-in-hoof gesê dat u gehoor het van die gemeenskap van die wegbly-aksie op 3 September 1984. Wanneer het u gehoor by die gemeenskap van die wegbly-aksie op 3 September? -- Eers na hierdie dokument daar te voorskyn gebring was deur hierdie vroumens, na die vergadering gesluit het, buite het ek eers van die mense gehoor praat dat dit 'n wegbly-aksie was die dag en toe was daar gesê deur die mense daar buite dat diegene wat nie werk toe gaan nie, moet kerk toe kom.

Op die vergadering van 2 September 1984 sê u daar was 'n besluit geneem oor wat gaan gebeur op die volgende dag, 3 September 1984. Is dit reg? -- Dat daar 'n besluit geneem was?

Ja? -- Wat was die besluit?

HOF : Nee, sê u so of sê u dit is nie so nie? -- Die besluit wat geneem is daar is dat die mense wat nie werk toe gaan nie moet kerk toe kom om 09h00.

MNR. FICK : Om wat te doen is besluit? -- Om die petisie

daar/...

daar te bespreek, want die predikant gaan weg, hy gaan na 'n vergadering toe iewers in Johannesburg. Dit was met die doel dat indien dit nodig gevind word om na prokureurs toe te gaan, dat dit gedoen kan word. Dit is die rede wat toe gegee is hoekom daar besluit moet word dat mense om 09h00 by die kerk moet wees.

HOF : Kan ons net duidelikheid kry. Hierdie vergadering op 2 September, hoe laat was dit? Dit was die agtermiddag, was dit nie? -- Dit was om en by 14h00.

En die volgende vergadering sou dan die volgende oggend wees om 09h00? -- Ja, die Maandag.

Waarom kon 'n mens nie maar die Sondagmiddag besluit of jy na prokureurs toe moet gaan of nie? -- Ek sê die vergadering moes baie kort gewees het omdat die predikant ook daardie middag moes weggegaan het.

Ja, maar hy sou nou nie die volgende oggend daar wees nie? -- Nee, ek het nie so gesê nie. Wat my betref, ek het die gevoel gehad dat hy teenwoordig daar sou wees.

MNR. FICK : Maar laat ek nou net duidelikheid kry. Wat is besluit op die vergadering van 2 September, wat presies moet die mense nou 09h00 die volgende oggend van 3 September doen by die kerk? Wat moet hulle doen as hulle daar kom? -- Ek het alreeds gesê dat die mense daar samesprekings moes gevoer het.

Oor wat? -- Oor die stappe wat geneem sal word aangaande die petisie en die prokureurs.

Verstaan ek u dan so dat hulle op die oggend van 3 September sou besluit wat maak hulle met die petisie? -- Ja.

En hulle sou ook die oggend van 3 September besluit of hulle prokureurs gaan sien of nie? -- Ja.

En/...

En was die resolusie dan op 2 September, die Sondag, se vergadering dat die mense moet almal by die kerk bymekaar kom? -- ŉ Resolusie?

Was daar besluit op die vergadering van 2 September dat al die mense moet die oggend van 3 September by die kerk bymekaar kom? -- Ja, wat gesê is in daardie besluit is dat die mense wat beskikbaar gaan wees om nie werk toe te gaan nie, daardie mense moet almal na die kerk toe kom. Behalwe die mense wat sal werk toe gaan, wat uitgesluit sal word by die mense wat by die kerk kom.

Is u seker dat op hierdie vergadering van 2 September 1984 is gesê dat die volgende oggend gaan die mense besluit oor wat hulle met die petisie moet maak en wat hulle in verband met die prokureurs gaan maak? Is u seker daarvan? -- Ek is seker.

U sien, beskuldigde nr. 2 het iets anders getuig voor hierdie hof. In volume 227 op bladsy 12 043 het hy die volgende te sê gehad "Ons weet nou wat u gedink het wat behoort gedoen te word op 3 September 1984 by die kerk van Moselane. Is daar vir die gehoor op hierdie vergadering gesê wat hulle inderdaad gaan doen op 3 September 1984 as hulle by die kerk kom?" "Nee." -- Ja, ek hoor dit.

Wat is nou die waarheid? U weergawe of beskuldigde nr. 2 s'n? -- Ek vertel van wat daar gesê was en wat daar besluit was.

Hier is ŉ verdere weergawe. Daar is gestel dat die doel van die vergadering van 3 September 1984 by Moselane se kerk sou wees dat die mense sou soontoe gaan om te besluit wat hulle gaan doen om hulle besware teen die verhoogde huur bekend te maak? -- Ek hoor dit.

Dit/...

Dit is in volume 23 op bladsy 1 120. Daar is daar ŉ verdere variasie op hierdie tema. Dit was gestel "It was an order to decide what should happen collectively at Sharpeville that the meeting for Monday the 3rd was called." Dit is in volume 30 op bladsy 1 131. Wat sê u van hierdie twee stellings? -- Nee, ek stem nie daarmee saam nie.

Is daar op die vergadering van 2 September gesê wat gaan die houding van die vergadering wees oor die wegbly-aksie van 3 September? Het julle daaroor besluit? -- Nee, niks was gesê oor die wegbly-aksie nie. Dit het niks te doene gehad met die wegbly-aksie nie. Dit het gegaan oor die huur.

Ek stel dit aan u u gee ŉ verkeerde weergawe van wat op hierdie vergadering gebeur het vir hierdie hof. Op hierdie vergadering het beskuldigde nr. 3 vir die vergadering gesê dit is nou lank dat "Mahlatsi and company" op ons koppe speel. Dit is nou tyd dat hulle gewys word. Hulle het nou by die laaste stasie gekom? -- Ek het dit alreeds ontken dat ek nooit gehoor het dat hy die woorde gebesig het nie.

En dat beskuldigde nr. 3 verder op hierdie vergadering gesê het dat daar gemarsjeer moet word Houtkop toe, die volgende dag 3 September? -- Nee, ek het hom nie gehoor so sê nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Mnr. Fick, na watter bladsy verwys u in volume 30, asseblief?

MNR. FICK : Bladsy 1 131 volume 30.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is nie volume 30 as die bladsynommer korrek is nie.

MNR. FICK : Dit mag dalk volume 23 wees. Ek wil verder aan u stel dat beskuldigde nr. 2 het ook op hierdie

vergadering/...

vergadering gepraat, alhoewel u nou niks daarvan weet nie en hy het gesê daar gaan nie werk toe gegaan word op 3 September nie, maar daar moet gemarsjeer word Houtkop toe? -- Ek weet nie daarvan nie. Dit is nou die marsjeer na Houtkop toe. En daar is niemand wat kan instem om te stap na Houtkop mense van my ouderdom nie. Houtkop is baie ver.

HOF : Hoe ver is Houtkop van die middel van Sharpeville af? -- Dit is baie ver.

Dit help my nou niks.

MR BIZOS : I think we agreed at an early stage when I was cross-examining that it is over 15 kilometres.

COURT : I had in mind 11.

MR BIZOS : I speak subject to correction, but I think there was something place on record by consent at an early stage.

MNR. FICK : Ek het dit ook so. Dan wil ek dit verder aan u stel dat beskuldigde nr. 2 het op die vergadering gesê daar word nie huur betaal nie, mense betaal nie die huishuur nie en hy het toe geskreeu "Mabafe"? -- Ek het gesê ek weet niks daarvan nie.

En toe hy dit gedoen het, het die gehoor baie emosioneel geraak. Daar was ŉ groot lawaai gewees? -- Daardie vergadering was so vreedsaam gewees, totdat ons die vergadering gesluit het, want ons was bekommerd gewees dat die mense wat weggaan betyds kan weggaan of die persoon wat sou weggegaan het vroeër kan gaan.

En ek stel aan u op hierdie vergadering is daar resolusies aanvaar, nie dat die mense by die kerk bymekaar sal kom om te kyk wat maak die mense die volgende dag nie, maar dat die mense die volgende dag sou marsjeer Houtkop toe? -- Dit was nie gesê nie, op geen stadium, dat ons daar bymekaar

sal/...

sal moet kom met die oog daarop om te marsjeer na Houtkop toe nie.

En daar is verder gesê dat die mense wat in die nabyheid van die kerk woon sal daar bymekaar kom en die ander sal in Seeisostraat bymekaar kom? -- Ek weet niks daarvan nie.

Die vorm wat u geteken het op die vergadering van 2 September 1984, het u hom gelees? Die petisie? -- Ek het nie die "heading" daarvan gelees nie. Ek het geweet dit word geteken deur mense wat huur betaal. As ŉ inwoner en ŉ persoon wat ŉ huis besit wat ook huur betaal, het ek net geteken.

HOF : Was daar ŉ "heading"? -- Daar was iets daar geskryf. Ek weet net nie waaroor dit gehandel het nie.

MNR. FICK : Die papier wat u geteken het, hoe groot was hy? -- (Getuie wys A3 grootte papier uit)

HOF : Daardie grootte het ons gister ŉ A3 genoem, maar ons is nou daarvan oortuig dat dit eintlik ŉ A4 is. Gister se getuienis moet ook in dié opsig gekorrigeer word.

MNR. FICK : Die dokument wat u geteken het, was die bladsye geperforeer of hoe het hulle gelyk? -- Nee, dit was nie geperforeer gewees nie. Dit was net ŉ stukkie papier wat ek geteken het deur dit op iemand se rug te plaas, dat ek dit kan teken.

Was daar net een bladsy? -- Dit was ŉ hele paar van hierdie los bladsye wat die persoon gehad het. Die een wat ek geteken het, was alreeds deur ander mense geteken. So, ek het na ander mense op dieselfde dokument geteken.

Ek wil nou met u gaan na 2 en 3 September, die voorvalle nie meer die vergaderings nie, wat u oor getuig het. Het u op 2 of 3 September op enige stadium uit u erf uitgegaan?

Dit/...

Dit is nou na u van die vergadering van 2 September af terug gekom het? -- Nee, ek het nie uitgegaan nie. Ek was besig met my werk op die erf .

Hoe laat op 2 September het u by die huis gekom van die vergadering af? -- Onmiddellik na die vergadering uit was het ek direk huis toe gegaan wat op hierdie dag het ons te voet gestap.

Het jy op enige stadium in September 1984 enige padversperrings gesien? -- In Septembermaand?

Ja, 1984? -- Vir die eerste keer toe ek gesien het dat daar padversperrings was, was op die 3de.

Hoe laat op die 3de het u vir die eerste keer die padversperrings gesien? -- Die eerste keer dat ek daarvan bewus geword het, is na ek klaar gereed was om werk toe te gaan. Ek het uitgegaan met die oog daarop om vervoer te kry. Ek het in die straat opgekyk en gevind dat daar blikke was wat in die pad geplaas is.

HOF : Watter soort blikke was dit? -- Asblikke.

Hoe laat was dit? -- Dit was baie vroeg, ongeveer 06h20.

MNR. FICK : En die padversperrings, het dit net uit blikke bestaan of was daar nog ander voorwerpe soos klippe, vullishope en sulke goed? -- Die oggend het ek net daardie blikke gesien.

HOF : As u praat van blikke, is dit hierdie baie groot vuilgoeddromme wat van rubber is en swart is? -- Ja, maar ons is dit nie van rubber gemaak nie. Dit is dieselfde grootte as die een van rubber, maar ons s'n is van metaal gemaak met die handvatsels aan beide kante.

Is dit blik? -- Ja, dit is blik.

Aan/...

Aan die begin? -- Ja, ek noem dit ŉ blik wat ŉ mens gebruik vir vuilgoed.

MNR. FICK : Die voorval by die onderwyser se huis waar sy voertuig gebrand het, het sy voertuig op sy perseel gebrand of was die ding in die straat gestoot en daar aan die brand gesteek?

HOF : Kom ons gee hom maar ŉ naam?

MNR. FICK : Mokoni? -- Die perseel van die man is klein. Hy het ŉ garage daar en die ingang van die garage is om en by by die omheiningsdraad na die straat se kant toe. Dit is die deur van die garage. Die voertuig het net buite die deur gestaan. Dit wil sê die grootste gedeelte van die voertuig was na die straat se kant toe. Dit is waar die voertuig gebrand het.

En u sê vir die hof u eie voertuig het ook mee probleme gekom daardie aand. Toe die persone daar kom, sê u "they came to fetch my car." Het u vir hulle gevra "Maar wat wil julle met my kar maak?"

HOF : Dit het in die aand gebrand, maar was dit nie vroeër wat hy omgekeer is nie?

MNR. FICK : U is korrek, ek is jammer. Toe die persone by u gekom het om u kar te kom haal, het u vir hulle gevra "Wat wil julle met my kar maak?"

HOF : Was dit die 2de of die 3de?

MNR. FICK : Ek het dit die 2de. Die aand van die 2de.

HOF : Dit is reg, maar u begin met die 3de, die padversperrings en dan spring u terug na die 2de toe en dan praat u van daardie aand. Daardie aand is die nag van die 2de tot die 3de.

MNR. FICK : Ek wou net eers vasstel of die onderwysers

se/...

se karre ook nie gebruik was vir padversperrings nie.

HOF : Ek gee nie om nie, maar u moet nou net die ding chronologies reg kry. U is nou by die 3de.

MNR. FICK : Toe die persone by u gekom het en gesê het hulle kom haal die kar, het u vir hulle gevra "Wat wil julle met my kar maak?" -- Hulle het niks met my gepraat die mense nie.

Het julle nie vir hulle gevra "Wat maak julle met my kar?" nie? -- Ek het nie gevra nie, want ek het besef dit is my dood hierdie wat ek nou sien.

En u kar is toe in die straat omgekeer? -- Ja.

Nadat die kar omgekeer is, het die mense daar gebly of het hulle weggeloop? -- Hulle het verder weg geloop na die oostelike rigting toe.

Hoe laat was dit gewees toe u weg is? -- Dit was om en by 08h30 na 09h00.

Hoe lank het u kar daar in die straat gelê voor hy gebrand is? -- Die heel dag. Dit is eers aan die brand gesteek die aand om en by 19h00.

Weet u - as u sê u weet nie dan is dit reg - of dit dieselfde groep is wat teruggekom het en die kar aan die brand gesteek het of kan u nie sê nie? -- Nee, ek weet niks nie.

Waarom het u u kar in die straat gelos toe hulle hom omgekeer het en nie terug op sy wiele getel en terug na u woning toe geneem nie? -- Ek moes my lewe gered het. Om dit te beskerm moes ek dit daar gelos het, want dit kon gebeur het dat terwyl ek besig was om dit te doen, om die voertuig in die perseel in te kry, dat hulle terugkom en dan vir my doodmaak. Wat dan?

U het vir die hof gesê u is die vader van agt kinders. Was enige van die agt nog op skool gewees in September

1984/...

1984? -- Daar is twee kinders wat destyds nog skoliere was. Na wat ek die vorige aand gesien het, het ek vir hulle gesê dat hulle liewers nie skool toe moet gaan nie, hulle moet by die huis bly.

In Sharpeville, is daar net een plek waar julle julle huishuur betaal? -- Ja.

HOF : Praat u van die hede of die verlede?

MNR. FICK : In 1984, was daar net een plek waar julle huishuur betaal het? -- Van lankal af is daar net een plek.

Is ek korrek as ek sê dat daardie kantore is vandag nog oop? -- Die kantore is oop in die sin dat daar gewerk word daar by daardie kantore, behalwe die gedeelte waar huur betaal word. Daardie gedeelte is nie oop nie. ŉ Mens vind wel die inspekteurs daar van die raad wat daar werk en met ander werk aangaan, maar nie by die huurgeldafdeling nie.

Wanneer het daardie huurgeldafdeling toegemaak? -- Vanaf 1984 Septembermaand. Daardie plek was nooit weer oop nie.

Waar betaal die mense nou huur? -- Ek weet nie.

Betaal u huur? -- Nee, ek het nog nie betaal nie.

Hoekom nie? -- Ek weet nie waar om te gaan betaal nie. Ek wil graag gaan betaal, maar ek weet nie waar nie.

Het u gaan uitvind by daardie kantore waar die inspekteurs is waar moet u gaan betaal? -- Ek gaan baiemaal soontoe. Van die mense wat daar werksaam is, is eintlik my familielede. Ek besoek hulle af en toe, maar ek het nog nooit besluit om hulle te vra waar ŉ mens moet betaal nie, want ek sien daar word nie betaal nie.

HOF : Bedoel u u sien daar word nie betaal in Sharpeville

nie/...

nie of u sien by die kantore word nie betaal nie? -- Nee, wat ek bedoel is dat by die kantore self word daar nie betaal nie, want as ek daar kom weet ek waar om te kyk vir die tou van die mense wat betaal en selfs die masjiene wat daar staan waar mense betaal is ook nie daar nie.

MNR. FICK : U sê vir die hof u wil graag betaal. Hoekom vra u toe nie vir u familielede "Waar betaal ons nou?" nie? -- (Verskoon my, die woord gebruik deur die getuie kan beteken ŉ familielid of ŉ vriend. In hierdie geval is dit nie familielede nie, maar vriende.) Die vriende van my, as ek hulle vra waar word huur betaal, dan lag hulle sommer vir my en vra of ek wil betaal.

En dan sê u seker "Ja, ek wil graag betaal"? -- Dan sê hulle net vir my "Ons weet ook nie, want die huur word nog nie betaal nie."

Is dit nie so dat daar sedert September 1984 tot vandag toe nog in Sharpeville van tyd tot tyd mense uit huise gesit word omdat hulle nie huur betaal nie? -- Ja, dit is so. Mense word uit die huise uitgesit.

Wil u dan nou met ander woorde vir die hof sê dat die administrasieraad sit die mense uit die huise uit, maar hulle gee nie vir hulle fasiliteite om te betaal nie? -- Ek vra af en toe vir die mense wat terugkeer in die huise hoe hulle nou teruggekom het. Dan sê hulle vir my hulle het teruggekom omdat daar gesê word dat die saak is nog voor die hof, daar is nog nie besluit daaromtrent nie.

Ek wil dit aan u stel dat u getuienis dat daardie kantoor toe is in Sharpeville en nie huur ontvang nie, is verkeerd? Wat wel gebeur het is daar is ŉ paar mense wat huur betaal en hulle betaal by daardie kantore in Sharpeville, maar

daar/...

daar is ook in die blankegebiede betaalkantore geopen vir die mense om te betaal om te keer dat mense nie geïntimideer word as hulle wil betaal nie? -- O, nee, ek weet nie, u sal my ook moet help dat ek ook soontoe kan gaan.

Ek het geen verdere vrae nie, dankie.

RE-EXAMINATION/...

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS: You spoke, you translated from Sotho to Zulu when Mr Manthata, accused no. 16 spoke? -- Yes.

Now did anybody, did anybody complain during your interpretation, did anybody complain that you were not interpreting properly? -- No no one ever complained about that. If there was any complaint I would have just stepped down.

Yes. And when you spoke, when you translated or interpreted from Xhosa to Sotho did anybody complain? -- No.

This ability to speak both the Nguni languages and Sotho is this peculiar to yourself or can a number of people in your area speak these languages? -- It is common in the area in which I live.

Thank you my lord I have no further questions.

NO FURTHER QUESTIONS.

PHATSWANE WILLIAM MAINE: d.s.s. (Through Interpreter)

EXAMINATION BY MR BIZOS: Mr Maine are you a 54 year old father of five children living in Evaton? -- That is so.

Are you a tenant at 259/1 Small Farms, Evaton? -- That is so.

And what do you do for a living? -- I am employed by a person selling goats, sheep and cattle.

Well we will call you a livestock salesman. -- Yes that is correct.

And by whom are you actually employed, who is this person that employs you in this capacity? -- J.J. Maritz is my employer.

ASSESSOR (MR KRUGEL): It is not plain whether, is he working in the capacity as a salesman?

MR BIZOS: A salesman, a livestock salesman.

ASSESSOR (MR KRUGEL): Or is his employer a livestock

salesman/....

salesman?

MR BIZOS: He has an employer I think my lord who he has just mentioned, Mr Maritz, and he sells on behalf of Mr Maritz.

COURT: Do you travel around with a goat under each arm and selling it or do you stay on the farm of Mr Maritz who sells off the farm? -- These are kept on Maritz premises. I go to Maritz premises as my place of employment.

Is that near Evaton? -- Yes. I am having a problem. If you hear me speaking a bit soft I am having a personal problem due to ill health. I cannot speak louder than what I am doing now.

Do you want to sit down? -- I will stand for the meanwhile until such a time when I feel tired.

Well as long as your voice reaches the ear of the interpreter we will have half won the battle already.

MR BIZOS: Now Mr Maine I want you to please look at the accused before his lordship, outside the dock here and in the dock. Please look around and see them. Look at all of them.

COURT: Yes, should you not ask a question as well? -- Does that mean that I must point out somebody I know from there.

Yes I do not know yet.

MR BIZOS: Yes do you know any one of the people? -- Yes.

Whom do you know? -- The second one from my left in the dock.

COURT: Accused no. 6.

MR BIZOS: How do you know him? -- How I came to know this person is because when I moved from Sharpeville to Evaton I came to stay not far from him which is a stand opposite his place of residence. He is the person I got used to there.

He/....

He is a shop owner. I used to do my business at his shop. That is how I came to know him and I got used to him earlier.

COURT: That is the only accused you know? -- Yes.

MR BIZOS: And did you attend any meetings in Evaton? -- Yes I did.

Of what organisation did you attend the meetings? -- Ratepayers is the meeting I attended.

Do you own any property yourself in your own name? -- No I do not have.

Did you pay rent where you were staying? -- Yes.

And this ratepayers that you speak of what did it concern itself with? -- It was concerned about stopping the replanning of Evaton.

Was that something that worried you as a tenant? -- Yes it was.

Why? -- What happened is this, when I first came to this area I occupied a stand which belonged to the administration board. That was during the year 1973. In 1982 I fell ill for a period of one year and three months during which I was not able to pay my rent for the stand I was occupying. This resulted in my being evicted by the administration board.

And then did you go to ...

COURT: Was that at Sharpeville? -- No this is in Evaton, Small Farm.

MR BIZOS: Yes? And did you become a tenant of someone else? -- Yes.

How much rent were you paying?

COURT: To?

MR BIZOS: To the tenant?

COURT: To the board or to ...

MR BIZOS:/....

MR BIZOS: To the landlord, to your landlord where you ...

COURT: To the private landlord?

MR BIZOS: To the private landlord? -- R16.

COURT: When? -- R16 per month.

When did you pay that, in what year? -- That was from 1985.

Till? -- I am still paying up to now.

Thank you. And what do you have for that? -- I beg your pardon?

What do you get for that? -- I am paying this person for having allowed me to stay on his premises. I am occupying my own structure which I put up there.

Do you get water, electricity? -- There is water and no electricity.

Do you pay for the water? -- No water is included in the money I am paying.

And do you pay for a site permit as well? -- No.

I thought that one had to pay for a site permit or for a lodger's permit or that sort of permit as well? -- I am paying this amount as mentioned by me to his lordship and I do not have an idea as to what the decision is why one is to pay the lodger's permit. I have not paid it.

Yes well it may well be that I am entirely mistaken so do not take anything for granted.

MR BIZOS: You say that, when did you first hear about this talk about replanning? -- Somewhere during the year 1978.

Did you think that the replanning would be good for you or bad for you? -- I thought it was not going to be good for me.

Why? -- Because my fellow men were going to lose their

properties./....

properties.

COURT: Yes but how would it affect you? -- Because then I will be without any help.

How do you mean? -- I mean in this sense that if ever I am sick and these people, the landlords, are not chucking me out of their premises because I am sick.

Sorry I do not understand that. In 1978 you were not sick? And it was some years before you became sick and you were on a property that you leased from the administration board. How would the replanning affect you? -- What worried me was that these people are the owners and rightful owners of the places and if their rights were going to be taken away from them then it means they were not going to be happy. It was not pleasing to see that because they were going to lose their properties.

But I thought that it affected you personally? -- Is that the replanning we are talking about?

Yes. -- It affected me as well although it directly affected the owners of the places.

MR BIZOS: How did your rent compare to the rent paid by people in Sebokeng for similar structures?

COURT: Now remember Mr Bizos we were busy with 1978 when he was leasing from the administration board.

MR BIZOS: I am sorry my lord, it may be that I have confused the ...

COURT: That is where you started off. You first heard about replanning in 1978, then you asked him what he thought about it and that is where we started off.

MR BIZOS: That is when we started off as far as 1978. I want to make the question clear. When you became a tenant

of/....

of a private landlord and you were paying R16 or thereabouts how did that compare with the rent paid by people with similar structures in Sebokeng? -- I do not know about the rent being paid by people living in their own structures in Sebokeng. I do not know how much is the rent they pay. I only know about the rent which is being paid by a person who is staying on a private landlord premises.

COURT ADJOURNS UNTIL 14h00.

C.1126 COURT RESUMES AT 14h00.

PHATSWANE WILLIAM MAINE: d.s.s. (Through Interpreter)

FURTHER EXAMINATION BY MR BIZOS: Towards the end of 1983 did you go to a ratepayers meeting? -- Yes I did go.

Do you remember what month it was in? -- I still remember what month it was.

What was it? -- November.

Yes. And how did you come to go to this ratepayers meeting? -- I came to know about the ratepayers association as people who were fighting for their rights on their properties and therefore got interested to go and hear what was being said.

Did somebody tell you about it or did you get a pamphlet, how did you go? -- I was told by somebody that there was a meeting.

Yes. And where was this meeting, did you go to it, where was it? -- It was held in a church building owned by a Mr Ramoipone.

COURT: How do you spell it? -- R-a-m-o-i-p-o-n-e.

MR BIZOS: Were there speeches at this meeting?

COURT: Is this church in Evaton? -- Yes.

MR BIZOS: Were there speeches at this meeting? -- Yes

there/....

there were speeches.

Who spoke at this meeting? -- Mr Mokoena spoke at this meeting.

Is that accused no. 6, the person you pointed out earlier? -- Yes.

Anyone else? -- Yes there was somebody else.

Who? -- The UDF people.

Now who were the UDF people that came to speak? -- I cannot remember their names.

How many were there? -- There were two.

Did they both speak? -- No only one addressed that meeting, the other one just introduced himself as a member of the UDF.

And what did this person from the UDF that did speak, what did he say? Can you recall what he said? -- I do recall some few words in what he said.

What do you remember him saying? -- I remember him making mention of apartheid.

Yes, anything else? -- Yes what they said, he said further was that they have to do with the assisting of people who are experiencing problems about their living in whatever area this is being experienced as a problem.

Yes, can you remember anything else? -- That is all I can recall.

Was there any discussion as to whether the ratepayers should or should not join the UDF? -- There was a discussion.

Was a decision taken? -- There was no final decision taken about that. The last I knew about that was that it was being said that ratepayers should join UDF.

And were any reasons given why it should join the UDF?

-- Yes/....

-- Yes they did give a reason for that.

What was the reason? -- The reason given was that they are the people, that is the UDF are the people who are fighting the apartheid in favour of the black people that black peoples properties must not be taken from them, that is deprived of their rights of the property.

Now this meeting in November did that meeting deal with the elections of councillors that were to take place later that year? -- Yes there was.

What was said about that? -- What was said was said by Mokoena, accused no. 6, saying that he was not going to stand as a candidate for the forthcoming elections because he was a councillor before and therefore he felt he was not going to stand as a candidate.

Anything else said about the election? -- No.

What was the age of the, what age group of people were present at this meeting? -- Are you talking about the UDF people or generally?

No the audience generally? -- There were elderly people present at this meeting, also present were younger people, but not very young. I would say of middle age.

COURT: What is middle age? -- From twenty up, those are the people I consider as middle aged.

I think it is always advisable that one should ask.

MR BIZOS: Yes, I think one will have to do a glossary for the end of the case. Now did anybody advocate any sort of violence at this meeting? -- No nobody.

Now the following year, during August 1984 did you attend any meetings of the ratepayers?

COURT: What period is it?

MR BIZOS: August. August 1984. -- Yes.

Where was this meeting that you attended? -- At the Roman Catholic church.

Do you remember the day of the week that this meeting was on? -- On the 26th.

COURT: Was it the Roman Catholic church, Small Farms? -- Yes.

MR BIZOS: What time was this meeting? -- The meeting was to start at 09h00.

Were there any speakers at this meeting? -- Yes there were speakers.

Yes please tell us the first speaker that you remember? -- The first speaker at this meeting was Mr Mokoena, accused no. 6, who requested me to pray.

COURT: Did your voice carry throughout the church? -- Yes it did.

MR BIZOS: And did you pray? -- Yes.

Yes, and after you prayed did anyone speak? -- Yes Mr Mokoena addressed the meeting.

What did he speak about, can you remember? -- He spoke about replanning.

What did he say about that? -- He was explaining to the audience that it is quite apparent that the replanning is being carried out because of the pipes which were seen already in that area.

Yes and what did he say about that? -- He further said that people must not allow these pipes to be laid through or on their premises.

Do you remember anything else that he said? -- He further said that there is a possibility of people receiving some notes from the administration board and those of them who does not

understand/....

understand the contents of those notices must make it a point that they come and see him with those notices before doing anything about what is contained there.

Yes, can you remember anything else? -- That is all I heard from him.

Did any other person address the meeting on that Sunday morning? -- Yes there was somebody.

Who? -- A Mr Kubeka.

I have it spelt Q-w-e-b-e-k-a.

COURT: Q-w?

MR BIZOS: That is how I have it spelt. -- K-u-b-e-k-a.

Yes who was he, Mr Kubeka, that spoke at this meeting? -- He was one of the members to the ratepayers.

Do you recall what he said? -- Yes I do recall what he said.

What did he say? -- He also supported what Mr Mokoena had said about people refusing the laying of the pipes on their premises. He added the following that whoever may come to talk to them saying what they wanted to do about the pipes on the premises they must just not allow that at all.

Did anybody else speak at this meeting? -- Yes there was another speaker.

Who was it? -- A certain woman whom they said was Rina Mokoena.

Yes. Did you know her before this? -- I did not know her. I was seeing her for the first time at that meeting.

Do you remember what she said? -- Yes I do.

What did she say? -- What she said was that she quite agrees with the idea that the people of Evaton must not allow the replanning because she was once a resident of Evaton

before/....

before moving to Sebokeng where she finds it difficult to pay the rent, as a result she feels that the people of Evaton are also going to suffer the same in allowing the replanning.

Yes. Did she say anything else? -- I later came to know that she was a member of the womens organisation when she was addressing the women encouraging them to join that organisation.

Do you remember her saying anything else? -- No I do not remember more than that.

Did Mrs Mokoena say anything about the killing of councillors or the destruction of their property? -- No she did not.

Yes, do you remember whether anyone else spoke at this meeting? -- Yes I do remember.

Who was the other speaker? -- Mr Kabi.

Do you know Mr Kabi? -- Yes I do. He was also a member of the ratepayers association.

Do you recall what he said? -- I remember what he said.

What did he say? -- He was also supporting the idea of not allowing anybody to lay the pipes on the premises.

Yes. Anyone else speak at the meeting? -- I did not hear the other speaker, whether there was a speaker, because at the time when Mr Kabi was addressing I was just about to leave going to church.

What time did you leave the meeting? -- If I still remember well it was after 11h30 but before 12h00.

Whilst you were there did anyone advocate any violence against the councillors or their property? -- No I never heard that.

Did you go to work on Monday 3 September? -- No I did not go to work.

Why not? -- That was because I heard already that that day there is going to be a march to Houtkop.

Did you yourself take part in this march? -- No I did not.

COURT: Why did you stay at home then if you did not take part? -- That was because my co-workers did not go to work and therefore it would mean if I was to go to work I would be there all by myself. How would I go there all by myself?

How would Mr Maritz cope all by himself? -- He does not stay on that place where this business is being carried out. He stays somewhere else. He only comes there to visit us and see what is going on, otherwise he is not there.

So there was nobody tending the cattle that day? -- There are certain people who are staying on the premises where the cattle is kept and their houses are not far from the kraals in which the cattle is being driven in at night.

MR BIZOS: A sort of skeleton staff? -- Yes.

Thank you my lord, I have no further questions.

MNR. JACOBS : U edele, ek wil net voordat ek begin met die kruisondervraging - ons sal moet voorberei vir die volgende getuie. Mnr. Bizos sê hy kan eers vanaand 21h00 vir mnr. Fick by die huis bel en dan ꞌn aanduiding gee wie die volgende getuie gaan wees. Ek is bevrees, ons kan nie op daardie manier ons voorbereiding doen nie. Die houding is dan sal ons sekerlik by die hof moet aansoek doen as die getuies in die vervolg klaar getuig het dat ons dan ꞌn geleentheid kry om ons voorbereiding te doen. Ons probeer ons uiterste bes om vol te hou en by te hou met al die omstandighede, maar hier is ꞌn magdom getuienis waarna gekyk moet word elke keer.

COURT : Mr Bizos, what is the problem? Surely you know a bit more in advance than 21h00 who will your next witness be? Say for example this witness finishes in an hour's time, what will we do?

MR BIZOS : I thought that we had been more than fair up to now to the state, but there are certain problems which arise from time to time. People have got to make arrangements with their employers. We cannot unfortunately accurately guess always what the time will be taken for the cross-examination of a particular witness and I find myself with problems at the end of each day. Your lordship will see that attorneys come and go.

COURT : Well, that is normal. We all have those problems all through the years in this type of case.

MR BIZOS : I know that. What I find myself in a position is this that the person that I intended calling may tell me at 16h15 this afternoon his employer says that he has got to choose between hanging on to give evidence and his job

and/...

and if this witness is still in the witness-box tonight, I have to release him and then change plan. This is the sort of thing that .. (Court intervenes)

COURT : Can you not have a contingency plan and tell Mr Jacobs that it will either be Mr so and so who is our first choice or if you waste our time and cross-examine longer than an hour, it will be number two.

MR BIZOS : I will take your lordship's advice and throw those gambits out in the hope that we may receive more than one result. I will see what the position is at 16h15.

COURT : I do not want to find myself in the position that I will have to adjourn the case to enable Mr Jacobs to prepare his cross-examination because you have given him notice at 24h00 at night. We cannot have that.

MR BIZOS : I have not done that up to now, but today is a special day and I do not know whether a witness is about to come out of town. I will not know this until we get back to Johannesburg. If that witness has come specially out of town, I will call that witness. If that witness does not come, I may have to then make other contingency plans.

COURT : Why can you not now tell Mr Jacobs who the witness is and then he can prepare on that basis and we hope for the best?

MR BIZOS : Then I will try before we leave Pretoria this afternoon. I may have more information. Mr Fick and I have had a good working relationship since this case started in relation to information given and I will continue on that basis. It is just a special day because of this person coming out of town.

MNR. JACOBS : Ek wil net graag sê, ek wil nie graag kla

nie, dit is nie mooi dat ek dit doen nie, maar ons - mnr. Fick kon gisteraand 20h00 eers nadat hy self geskakel het na mnr. Bizos toe uitvind dat hierdie getuie sal vandag hier wees. So, deel van sy getuienis wat hy hier oor getuig het het ons glad nie 'n kans gehad om na te kyk nie, maar ek gaan aan met die ander dele. Ek sal dan terugkom miskien na sekere aspekte toe wat ek sal moet gaan navors. Hier is getuig oor 'n vergadering wat in November 1983 gehou is. Ek sal nog moet gaan kyk na daardie getuienis. Ek het nie eers die vaagste benul gehad so iets sou opkom nie. Ek noem dit net vir u, dat ons het probleme.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Maine, wie was die eienaar van die perseel waar u gehuur het? Dit is in Evaton? -- Praat u nou van die eienaar van die plek waar ek tans woon en huur?

Ja?-- Johannes Shange.

Die Johannes Shange, is hy ook 'n lid van die bestuur van Evaton Ratepayers Association wat ons dan hiervanaf sal noem ERPA? -- Nee.

Hoeveel is julle mense wat daar gehuur het gedurende 1983 en 1984?

HOF : Die mense kan mekaar opvolg? Almal gelyktydig, saam op een perseel of opvolgend deur 1983/84?

MNR. JACOBS : Ek sal begin by 1983 opvolgend. In 1983 hoeveel mense het daar gehuur?

HOF : Op die besondere perseel?

MNR. JACOBS : Op die perseel.

HOF : Van mnr. Shange?

MNR. JACOBS : Van mnr. Shange? -- Sewe strukture was daar opgerig deur sewe verskillende families.

So/...

So, is dit sewe families wat daar gewoon het gedurende 1983? -- Ja.

En het almal gelyktydig gewoon daar op daardie perseel? -- Ja, maar toe ek daarheen getrek het, het ek van die mense daar gevind dat hulle alreeds daar woon.

Ek vra nou vir jou van 1983. Is dit gelyktydig sewe families wat in 1983 op daardie perseel gehuur het by mnr. Shange? -- Nee, in 1983 toe ek daar gekom het, as ek reg onthou was daar net vier families gewees wat strukture daar opgehad het.

Jy het netnou gepraat van in 1983 dat daar sewe strukture opgerig was. Laat ons net duidelikheid kry wat bedoel jy daarmee? -- Nee, ek het nie die vraag goed gevolg nie. Ek het gedink u praat van op die huidige oomblik, hoeveel mense woon op die plek. Toe het ek sewe geantwoord.

Nee, maar ek het dan die datum genoem en die hof het ook gevra watter een, toe sê ek kom ons neem 1983 eerste? Het jy nie gehoor nie? Luister jy nie wat gaan hier aan nie? -- Ek het nie die vraag goed verstaan nie.

Jy sien, wat vir my nog meer opmerklik is van jou getuienis is, nou sê jy in 1983 toe jy daar gekom het was daar drie families? -- Ja, dit is reg, dit is my antwoord. Kyk, ek sê met my aankoms op daardie perseel om daar te gaan woon as 'n huurder of 'n loseerder van die plek, was daar vier mense se gesinne wat alreeds daar gewoon het. Ek was die vyfde. Met die verloop van tyd tot vandag toe is ons nou sewe.

Voor 1983, waar het u gewoon? -- Ek het op die perseel van die administrasieraad gewoon waarvandaan ek getrek het in 1982.

Watter administrasieraad se perseel het jy bewoon? -- Die plek is te Small Farms.

U sien, ek het u getuienis verstaan dat gedurende 1973 het u ŉ perseel van die administrasieraad te Small Farms bewoon? Is dit reg? -- Ja, van 1973 af tot en met 1982 het ek daar gewoon.

En dan het jy vir die hof vervolgens gesê dat in 1973 het jy ook siek geword?

HOF : Nee, 1982.

MNR. JACOBS : In 1982 het jy siek geword? -- Dit is die waarheid.

En toe was jy vir ŉ jaar en drie maande siek? -- Ja.

En kon jy nie betaal nie vir ŉ jaar en drie maande nie en toe het die saak jou uitgesit? -- Ja, dit is die waarheid.

Wanneer is jy uitgesit? Watter maand? -- Ek kan nie meer so goed onthou watter maand dit was wat ek uit die perseel gesit was nie.

Dit moes mos iets belangriks gewees het. Jy word nou uit ŉ huis gegooi? Jy sal seker dit onthou? -- Dit is reg. Ek het die huis bewoon. Ek het geweet dat ek geskuld het. Een dag het hulle daar opgedaag en vir my gesê dat ek my besittings moet uitvat, want hulle wil die huis aan iemand anders verhuur. Ek het my goed uitgeneem. Ek kan nie die datum onthou nie.

Was dit die begin van die jaar of die end van die jaar? -- As ek reg onthou was dit in die middel van die jaar.

Wat verstaan jy onder herbeplanning? -- Moet ek ŉ antwoord gee daar?

Ja, ek vra dit vir jou.

HOF : As jy dit verstaan. -- Ek verstaan dit beteken dat as

dit/...

dit nou besluit is in hierdie nuwe plan wat kom hier moet ŉ huis kom op hierdie perseel, dan moet hulle ŉ huis daar bou.

Is dit nou sleg of is dit ŉ goeie ding? -- Ek beskou dit as ŉ ding wat nie reg is nie.

Wie moet die huis bou? Die administrasieraad of die eienaar? -- Dit is duidelik dat die herbeplanning was ŉ ding wat uitgevoer word deur die administrasieraad en nie die eienaar van die standplaas nie.

MNR. JACOBS : Is dit al wat jy geweet het wat herbeplanning beteken? -- Nee, daar kom nog ŉ verandering by. Byvoorbeeld as die standplaas ŉ "freehold" was, gaan dit verander word. Daardie plek gaan nie meer ŉ "freehold" wees nie.

Het u geweet of ŉ standplaas opgedeel sou word in persele of nie? -- Van hoor, ja, dat die eienaars dit sê.

En dat die eienaar een perseel in "freehold" toegeken sal word, vrypag? -- Nee, dit het ek nie geweet nie.

Het jy geweet dat die ander erwe, nadat daar op gebou is, sou aan mense toegeken word wat dan op ŉ huurpag dit kon gekry het? -- Ja, dit weet ek van. Dit is eintlik wat nie deur die mense aanvaar word nie.

Het jy geweet ook dat hulle sou met hierdie herbeplanning behoorlike strate daar gebou het? Dit is die raad, die stadraad? -- Dit was gesê gewees.

Het jy geweet daar sou beligting aangebring word in die woongebied daar? Buite beligting eerste, elektriese ligte? -- Dit was ook gesê.

Het jy geweet dat daar sal ook binne elektrisiteit aangelê word? -- Dit was ook gesê.

Het jy geweet daar sou ŉ rioolstelsel aangelê word na die verskillende huise toe? -- Dit was ook gesé.

Hulle/...

Hulle was in werklikheid besig met die rioolstelsel. Die pype en goed en die vore was al daar gewees? -- Daar was al vore gegrawe gewees, maar dit was nog nie in die persele in nie.

En die pype was ook al daar beskikbaar gestel deur materiaal om dit in die persele in te vat? -- Ja.

Is dit reg dat daar was al sekere persele waar die raad dit al opgedeel het in verskillende lotte waar daar al gebou was? -- Ja, dit is waar. Daar was al huise gewees wat gebou was. Ek was ongelukkig nog nie tot by die huise gewees om te kan sien hoe dit gedoen was nie, die gehalte van werk.

Was dit bekend ook daar dat die eienaars was vergoed gewees vir die persele wat daar opgesny was en wat toe op huurpag uitgegee is aan die ander mense? -- Nee, dit het ek nie van geweet nie.

Is dit so dat met hierdie herbeplanning was daar beplan dat daar moet skole gebou word vir die kinders daar en klinieke vir die ou mense aangebring word en siek mense? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

U sien, is dit nie so dat die plekke waar julle gebly het waar julle ten minste as 'n klomp families, ten minste drie families op daardie perseel gebly het waar u gehuur het, is dit nie so dat daar was nie behoorlike sanitasie gewees nie? Of is dit vyf families wat verander het na sewe toe? -- Dit is die waarheid.

Daar was nie behoorlike paaie om by die plekke te kom nie. Julle moes sommer deur die veld party plekke loop? -- Ja, dit is die waarheid. Daar is nie goeie paaie nie.

Daar was nie vullisverwydering gewees op daardie persele waar jy spesifiek ook gehuur het nie en die vuilgoed is

sommer/...

sommer net daar op die perseel gegooi? -- Ja, maar nie orals nie. Daar was ȟ spesifieke plek waar dit weggegooi was.

Ja, maar dit was daar op die perseel self, op daardie plot? -- Ja.

En is dit nie so nie dat daardie konstruksie wat julle as huurders daar opgerig het, was sommer sinkkaias en nie behoorlike huise nie? -- Ja, dit is reg. Dit is die waarheid. Die strukture van ons was gemaak van sinkplate.

HOF : Hoeveel toilette het julle gehad vir die sewe families? -- Op die perseel is daar drie toilette.

En afgesien van die sewe families woon die eienaar ook op die perseel? -- Ja, hy woon daar, maar hy het ȟ aparte toilet van sy eie wat hy gebruik. Dit wil sê as ons nou al die toilette daar tel, dan was daar vier.

MNR. JACOBS : En is dit nie reg nie, dat dit was die algemene situasie by al die plotte gewees soos jy dit nou hier beskryf het, hierdie haglike toestand? -- Praat u nou van die hele Evaton?

Ja? By die ander plotte was dit dieselfde. Die mense het gehuur in groot klompe? -- Dit verskil. Die ander standplaaseienaars laat nie toe dat daar baie mense op die standplaas kom bly nie. Byvoorbeeld, as ȟ mens te veel toegelaat het, dan sal hy net drie gesinne toelaat om strukture daar van sinkplate op te slaan.

Maar is dit nie ook so dat ander laat nog meer toe nie? -- Dit is reg. Daar is van die standplaaseienaars wat meer as dit toelaat.

HOF : Het julle nagwaverwydering of het julle putlatrines? -- Daar is nie emmers nie. Dit is net daardie gat wat daar gegrawe word.

Wat/...

Wat julle self grawe en as hy vol is, dan grawe julle weer ŉ nuwe gat langsaan? -- Ja, dit is so, maar by hierdie plek waar ek woon het dit nog nie vol geword nie.

MNR. JACOBS : U sal ook saamstem, soos die prentjie nou hier gestel is, dat eintlik was die posisie haglik op daardie plotte gewees? -- Ja, ek stem saam.

En die moontlikheid het ook bestaan dat u kon ook ŉ perseel gekry het as die herbeplanningskema deurgevoer word en die nuwe huise gebou word, dat u ŉ behoorlike huis kon kry en behoorlike fasiliteite? -- Nee, ek stem nie saam nie.

HOF : Hoekom sou u nie kon kry nie? -- Die rede daarvoor is, ek het ŉ huis bewoon van die administrasieraad. Ek kon nie die huur bekostig daar nie. Dus was ek uit die huis gesit. As ek weer ŉ huis hier moet kry onder die nuwe herbeplanning wat nogtans aan die administrasieraad gaan behoort, sal ek daardie huur nog nie kan bekostig nie.

So, basies was u teen herbeplanning gewees omdat u goedkoop gewoon het? -- Ja, ek stem saam. Dit is een van die redes, maar tweedens, die tweede rede is dat ek nog die hoop gehad het dat as die plekke nog aan die eienaars behoort, in die loop van die tyd sal ek dalk ook gelukkig wees en in staat word om ŉ standplaas van my eie te kan koop.

Wat is die prys van standplase? -- Op die huidige oomblik weet ek nie wat die prys is nie, maar die hoop was dat dalk as dit gebeur het, dat daar ŉ standplaas verkoop word en ek het die geld, dan sou ek die standplaas gekoop het.

MNR. JACOBS : Het jy genoeg inkomste gehad om dan later ŉ standplaas te kon koop? -- Waar ek in diens was, het ek nie veel verdien om in staat te wees om daardie soort van geld bymekaar te bring om ŉ standplaas te koop nie, maar wat ek

in/...

in gedagte gehad het was dat dit kan miskien gebeur dat ek weer ŉ ander plek gaan kry waar ek in diens geneem word met ŉ beter besoldiging, wat ek dan kon spandeer het om ŉ standplaas mee te koop.

Kan u net vir die hof sê, moes julle nie ook water by die emmer betaal vir hierdie eienaar van die standplaas nie? -- Nee.

Hoeveel siele het op daardie plek waar u gewoon het gewoon in 1983? Kan u vir die hof ŉ aanduiding gee? Dit is op daardie plot? -- Daar is baie mense op daardie standplaas. Ek weet nie hoeveel die mense is in getal nie.

HOF : Gee maar net u gesin en dan die ander gesin en gaan so aan, dan kan ons optel. -- Die ander strukture, ek is nie seker van die aantal kinders daar nie.

MNR. JACOBS : Maar jy sê hulle was baie? -- Ja, as ŉ mens hulle bymekaar kry, al die mense op daardie standplaas, is hulle ŉ goeie klomp.

U eie kinders, het hulle in 1983 skool gegaan? -- Ja, hulle het.

Waar? -- In Evaton.

Moes hulle ver gaan om by die skool te kom? -- Dit is nie ver nie. Hulle stap sommer skool toe.

En die ander dele van Evaton se kinders, waar het hulle skool gegaan? -- Daar is baie skole in Evaton, maar dit is nie by een plek nie. Hulle staan ver uit mekaar.

Mnr. Maritz vir wie u gewerk het, het hy op ŉ plaas gewoon - op ŉ plaas waar hy die besigheid gehad het? -- Nee, hy woon in die dorp.

Waar was die besigheid gewees waar u lewende hawe verkoop het?

HOF : Hoe gaan dit nou vir ons help in die saak om Maritz se situasie uit te pluis?

MNR. JACOBS : Hy het netnou gemeld daar het mense op daardie plek gebly.

HOF : Ja, daar was mense wat die beeste opgepas het.

MNR. JACOBS : Ja. Nou wil ek weet was dit ŉ plot of ŉ plaas en kon hy dan ook daar gebly het?

HOF : Kom ons aanvaar dit is ŉ plot of ŉ plaas of enige ding. Wat help dit ons? Dit is buite Evaton. Dit is nie in Evaton nie.

MNR. JACOBS : Wat ek ook net van u wil weet. U sê daar het mense gebly die dag van die 3de. Aanvanklik het jy gesê as jy sou gaan werk het, sou jy alleen daar gewees het. Wat is nou die waarheid? Het daar mense gebly of sou jy nie alleen gewees het as jy gaan werk het nie? -- Wat ek bedoel is dat ek is die man wat die skryfwerk doen vir al die transaksie daar van die verkoop en die ander manne waarvan ek praat is die mense wat byvoorbeeld die vee bymekaar moet jaag as die mense daar verkoop. Sonder hulle sal ek nie in staat wees om enige transaksies te doen nie, want daar sal niemand wees om die vee bymekaar te jaag dat die mense ŉ keuse kan maak om te kan verkoop nie.

Het ek u getuienis verkeerd verstaan of het u vir die hof gesê dat daar waar die vee gehou word is mense wat daar bly? -- Daar is mense wat daar woon, ja, maar die vee, as daar verkoop moet word en iemand kom daar om iets te soek, En die vee moet bymekaar gebring word, want hulle loop los en wei op daardie oop veld.

HOF : Dan stuur u seker drie kinders en u jaag hulle gou aan? -- Ja, dit is reg, maar as ek by die werk is, is my

kinders/...

kinders baie ver om gebruik te kan word om die beeste aan te jaag.

MNR. JACOBS :

Wanneer het jy gehoor die mense gaan op 3 September 1984, dan sal hulle loop na Houtkop toe, dat daar ŉ opmars gaan wees? -- Ek onthou nie meer wanneer en van wie nie. Wat ek wel kan onthou is dat ek so iets gehoor het.

Kan jy vir ons sê hoe lank voor die 3de het jy dit gehoor? -- As ek reg onthou was dit gedurende die week net voor die week van die 3de.

As ek u getuienis reg verstaan het, het u baie belang gestel in die gemeenskapsaangeleenthede? -- Dit is die waarheid.

En u het baie vergaderings daar bygewoon? -- Nie so veel nie.

Jy het tog seker geweet van die organisasies wat bestaan in daardie gebied in die Vaal? -- Ek het gehoor dat daarvan gepraat word, maar ek het nog niks te doene gehad met die organisasies of daar by gekom nie. Ek was net bewus van die bestaan van die een waar ek ŉ lid was.

Was jy ŉ lid van die Ratepayers vereniging in Evaton? -- Ek was ŉ lid daarvan.

HOF : Was u op die bestuur? -- Nee.

MNR. JACOBS : En dit was terwyl jy hoegenaamd geen belastings of "rates" betaal het nie? -- As ek reg onthou het ek sekere fooie betaal om aan te sluit as ŉ lid.

Maar ek praat van belastings wat jy moes betaal aan die outoriteite? -- Verduidelik daardie een? Ek verstaan dit nou nie.

HOF : Weet u wat is ŉ "rate payer"? -- Nee, ek het nie ŉ goeie betekenis daarvan gehad nie.

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Het jy geweet van die organisasie VCA? Vaal Civic Association daar in die Vaal? -- Ek hoor dat daarvan gepraat word, maar ek het nog nie by ʼn vergadering uitgekom wat deur hulle daar georganiseer was nie.

Weet u of die Vaal Civic Association ʼn verteenwoordiger in Evaton gehad het? -- Ek het gehoor dat dit gesê word.

Wie was die verteenwoordiger daar? -- Lord McCamel was die verteenwoordiger.

En Lord McCamel, het hy daar vergaderings gehou om die organisasies gewild te maak onder die mense en te propageer onder die mense? -- Nee, al het hy miskien sulke vergaderings gehou, het ek nog nie by sulke vergaderings van hom uitgekom nie.

Het hy ooit na jou toe gekom en met jou gepraat oor die Vaal Civic Association? Waarvoor dit staan en wat dit is? Ek meen met huisbesoek van huis tot huis? -- Nee, hy was nog nie by my huis nie.

Het jy kennisgewings en plakkate en pamflette gesien wat versprei was deur die Vaal Civic Association daar in die woonbuurtes waar u beweeg het in die vaal? -- Dit is omtrent die Vaal Civic Association?

Ja? -- Nee, ek het dit nog nie gesien nie.

Die Vaal Youth Congress, het u bekend geraak met so ʼn organisasie? -- Nee.

Het jy nog nooit gehoor van so ʼn organisasie nie? -- Ek het daarvan gehoor, maar ek het nie belang gestel om verder te weet waaroor dit gaan, wat se besigheid hulle doen nie.

Jy is dan ʼn man wat vir die hof nou-nou gesê het jy het baie belang gestel in die gemeenskapsaangeleenthede daar. Het jy nie belang gestel in hulle organisasies ook nie?

-- Ek het nie die vergaderings van die ander organisasies bygewoon nie.

Maar het jy nie belang gestel in die bestaan van die organisasies daar en waarvoor hulle daar is nie? -- Nee, ek het nie belang gestel nie. Miskien na ek eers gehoor het wat die organisasie mee besig was, sou ek miskien ŉ belang gehad het om verder te verneem.

Was jy bekend met ŉ organisasie bekend as Vaal Organisasation of Women? -- Ek hoor van daardie naam, maar waar hulle vergaderings hou, het ek nog nie daar uitgekom nie.

Het die organisasie bestaan in die Vaal? -- Ja, dit het bestaan.

ŉ Organisasie bekend as COSAS, weet u van hom? -- Nee, ek weet nie.

Nog nooit van COSAS gehoor nie? -- Ek hoor daar word gepraat van COSAS, maar waar hulle nou bymekaar gekom het, dit is COSAS bymekaar gekom het, was ek nog nie daar nie.

Is dit nie so dat COSAS is ŉ organisasie wat bestaan het in die skole onder die skoolgaande kinders in die hoërskole nie? -- Ek hoor daar word daarvan gepraat, maar ekself was nog nie daarby teenwoordig nie.

Jy het tog sekerlik geweet dat COSAS het bestaan in die Vaaldriehoek? In die woonbuurtes daar? -- Ja, ek weet dat dit bestaan, maar ek weet net nie waar word die vergaderings van die organisasie gehou nie.

Het jy gedurende die tyd van die onluste in 1984 enige begrafnisse bygewoon van slagoffers van die onluste? -- Nee.

As ŉ man wat so belang gestel het in die aangeleenthede wat daar in die gemeenskap aangaan, het jy seker herdenkings daar bygewoon wat gevier word in daardie gebiede? -- Nee,

ek/...

ek het nêrens na sulke herdenkings toe gegaan nie.

Die Roomse Kerk in Small Farms, is dit redelik naby jou of wat is die posisie? -- Dit is ŉ ent ver.

Kan jy loop soontoe? Is dit binne loopafstand? -- Ja, jy kan loop.

HOF : Dit sê niks nie.

MNR. JACOBS : Kan jy vir die hof ŉ aanduiding gee hoe ver, hoe lank neem dit jou om te loop tot daarso? -- ŉ Mens soos ek wie se gesondheid nie so goed is nie, kan omtrent ŉ uur neem, want ek loop op my eie tyd, eie gemak.

HOF : Woon u noord van Adams Road? -- My huis is geleë aan die westelike kant.

Die westelike kant van wat? -- My huis is geleë aan die westelike kant van die Roomse Kerk.

Is u suid van Selbourne Road? -- Ek gaan verwar word as u die strate se name noem.

Weet u waar is noord en suid in Evaton? -- Ja, ek sal dit kan wys as ek in Evaton kom.

Weet u waar is ŉ Indiërwinkel met die naam van Boundary Stores en een met die naam van Saloojees? -- Ja, ek weet waar dit is.

Is dit naby u? -- Ja, die naaste is die Boundary.

Hoe ver is dit? -- (Getuie dui distansie aan)

Hoe ver is dit van beskuldigde nr. 6 se huis af? Net oorkant? -- Skuins oorkant. Dit is drie standplase en dan die vierde een skuins reg oor hom.

Is u aan die oostekant van hom? -- Aan die oostekant.

MNR. JACOBS : Op 3 September 1984 die oggend, hoe laat het u opgestaan? -- Die normale tyd om 06h00 was ek op gewees.

Toe u nou 06h00 opgestaan het, het u opgemerk dat dinge

loop/...

loop verkeerd daardie tyd hier in die woonbuurtes?-- Ja, ek het opgelet.

Wat het u gesien wat u aandag getrek het wat nou verkeerd begin loop daar in die woonbuurt?

HOF : Wat het u eerste gesien? -- Toe ek die eerste keer uitgegaan het, het ek gesien dat dit stil was. Daar was nie mense wat in die strate beweeg het nie. Daar was ook nie mense wat na die winkels toe gestap het nie. Wat vir my dan ŉ aanduiding was dat hierdie dag, dit is die dag van die 3de, nie ŉ goeie dag is nie.

MNR. JACOBS : Hoe laat was dit ongeveer? -- Dit was voor 10h00.

Hoeveel voor 10h00 toe u nou die eerste keer uitgegaan het? Hoe lank na jy 06h00 opgestaan het, stel dit so? -- Na ek wakker geword het, het ek opgestaan. Na die opstaan het ek net op die perseel gebly. Ek was nog nie uit die perseel uit nie. Dit is terwyl ek op die perseel was dat ek bewus geword het van die stilte wat daar was.

Is dit nou sommer nog baie vroeg, net na jy opgestaan het? -- Ja, dit was nie lank nie, want ek was omtrent 06h00 op en dit was om en by 07h00 of net na 07h00 dat ek daarvan bewus geword het dat dit stil was.

HOF : Hoe ver is u van die busroete af? -- Dit is nie baie ver nie. Ek skat dit vanwaar ek staan nou na hierdie parkering hier buite. Dit is aan die voorkant van die hofgebou.

Honderd meter ongeveer. Kan u die busse hoor ry op die pad? -- Ja, ek kan.

Kon u daar toe u opstaan en net na u opgestaan het busse hoor ry? -- Ja, ek het die busse gehoor. Al was hulle nie baie nie, was dit duidelik, ŉ mens kon sien dat dit

ŉ welbekende feit is dat mense nie werk toe sal gaan nie.

U kon sien dat die mense nie werk toe sal gaan nie aan die feit dat daar min busse is? -- Ek kon sien dat die mense nie werk toe sal gaan nie, nie net as gevolg van die busse wat daar verby gery het wat min was nie. Die tweede rede daarvoor was dat ek het toe bewus geword van die soldate wat daar in die omgewing was. Dit was vir my ŉ aanduiding gewees dat daar iets kan gebeur. Dus sal die mense nie werk toe gaan nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Hoe laat was dit? -- Toe ek hierdie voertuie van die soldate gesien het, was dit om en by net voor 08h00.

HOF : Het hulle beweeg of stil gestaan? -- Dit het gestop en toe daar toesig gehou oor mense wat met die busse wou gery het, of daar nie mense was wat dié wat wil ry keer om nie met die busse te ry nie.

MNR. JACOBS : Het u gesien daar is mense wat mense keer om nie met die bus te ry nie? -- Ek het dit nie gesien nie. Dit is wat net in my gedagte gekom het toe ek gesien het dat daar soldate was wat daar staan en kyk en toesig hou oor daardie plek, dat hulle miskien die vermoede het dat daar mense kan wees wat die mense keer wat die busse wil ry.

HOF : Is dit nou op die busroete wat noord/suid loop of is dit op die busroete wat oos/wes loop? -- Die bus se roete daar is die een wat van oos na wes loop. Dit gaan by my huis verby, net voor my standplaas waar ek bly, tot op die hoek daar, dan draai die bus met die busroete wat suid/noord is of noord/suid en dit draai in die rigting van Sebokeng. Dit is die naaste aan Boundary winkel.

Nou wil ons weet waar het die soldate wag gestaan?

Hulle/...

-- Hulle het nou in hierdie pad gestaan, die roete gestaan van oos na wes wat by my verby.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Tussen uself en die noord/suid roete of tussen uself en Masenkeng? Ek hoor u praat van die "T junction." -- Net naby die "T junction" het hulle gestaan.

MNR. JACOBS : Is daar ŉ busstop waar hulle daar gestaan het? -- Dit was nie ŉ busstop gewees nie, maar busse het daar gestop. As daar mense is wat daar staan, het die busse gestop en die mense daar opgelaai en hulle weggeneem na die regte busstoppe.

HOF : Is dit nou naby beskuldgide nr. 6 se winkel? -- Ja.

MNR. JACOBS : Hoe lank het daardie, wat jy nou noem, soldate daar gestaan en toesig gehou? -- Hulle was nie lank nie. Hulle het wel daar vir ŉ rukkie vertoef, maar toe hulle besef het dat die busse nie die normale rooster gery het nie, het hulle toe weggegaan.

As jy sê vir ŉ rukkie, is dit vir ŉ uur, ŉ halfuur? Die hele oggend? -- Omtrent ŉ uur.

En al hierdie tyd het u ook maar daar buitekant bly staan om te kyk wat gebeur daar? -- Ek het nie die hele tyd daar buite gestaan nie. Ek het my dinge ook daar gedoen. Partykeer het ek in die huis ingegaan en weer uitgekom. Met die uitkom het ek sommer gekyk in daardie rigting om te sien wat gebeur.

Oor watter ander kennis het u beskik dat u gesien het die oggend dit is stil, dat dit u dadelik op die idee gebring het dit is ŉ slegte dag wat nou aangebreek het? -- Ek sal sê dit was ŉ slegte dag, want mense het nie werk toe gegaan nie.

Was dit ŉ slegte ding dat ŉ mens nie werk toe gaan

nie/...

nie? -- Ja.

Is dit nie so nie, dit was algemeen bekend gewees daardie dag of sal ek sê op daardie stadium was dit algemeen bekend gewees in die woonbuurte dat die raadslede word blameer vir al die verhogings en dinge wat hulle gesê het wat deur die raad aangekondig was? -- Ek kan sê dit is so, ja.

En die mense was kwaad gewees vir die raadslede as gevolg van wat daar op die vergadering gesê was omtrent die raadslede? -- Nee, hulle was nie kwaad nie.

En is dit so dat dit is daarom toe jy nou die dag sien hier is dit nou stil en jy weet nou wat gaan aan, die mense het die raadslede blameer, hulle is heeltemal ontevrede met die raadslede, is dit nie die rede hoekom jy nou gedink het hier gaan vandag moeilikheid wees nie? -- Nee, ek het nie daaraan gedink dat dit as gevolg van die beskuldiging teen die raadslede was nie.

Jy sal tog saamstem met die feit dat mense nie gaan werk het daardie dag nie en dit nou stil is in die dorp, is dit nie ʼn rede om te dink daar gaan moeilikheid wees nie?

MR BIZOS : The witness did not say that there would be trouble. He said that there would be a "slegte dag." We must not add and then assume that it was said.

MNR. JACOBS : Wat bedoel jy jy het nou gedink dit gaan ʼn slegte dag wees? Wat bedoel jy daarby? -- Daarby bedoel ek dit is ʼn dag wat ʼn mens nie gewoond is dat dit so in ʼn dag nie.

Hoekom is dit nou ʼn slegte dag? -- Ek het dit nie as ʼn slegte dag genoem dat ek miskien bedoel het dat iets lelik sou plaasvind nie.

Wat het jy gedink dan gaan plaasvind? -- Wanneer?

Daardie/...

Daardie dag?

Toe jy opgestaan het en gesien het dit gaan nou ŉ slegte dag wees? -- Ek het gesê dit gaan ŉ slegte dag wees, want as ŉ mens nie werk toe gegaan het nie, dan voel ŉ mens nie lekker nie. Ons is nie gewoond om sommer by die huis te sit en niks doen nie.

Jy sê vir die hof jy het gesien dit gaan ŉ slegte dag wees omdat die mense nie werk toe gegaan het nie, dit so stil was, jy het nou gesien die soldate is daar, wat jy noem soldate. Is dit soldate of polisie? -- Nee, dit was die polisie.

Waarmee het hulle gery toe jy hulle daar sien staan waar hulle gestaan het? -- Hulle het met ligteafleweringsbakkies gery en dit het daar stilgehou. Daar het wel ŉ ander groot voertuig gekom, maar dit het nie daar gestop nie. Dit het sommer verby gery.

Wat se groot voertuig? -- Ek weet nie wat noem ŉ mens daardie soort van ŉ voertuig nie, maar in die omgewing waar ek woon word dit ŉ "four room" genoem. Dit is soos ŉ "four roomed" house.

Is dit van hierdie gepantserde voertuie? -- Ek weet nie of ek dit moet sê nie, maar wat ek sê is, die voertuig staan bekend onder die mense daar as ŉ "four room". Hulle het dit ŉ "four room" genoem. Wat die rede daarvoor is kan ek nie sê nie.

En was dit ŉ polisievoertuig ook?

<u>HOF</u> : Wel, ek dink ons kan aanvaar dit was nie die melklorrie nie.

<u>MNR. JACOBS</u> : Dit is omdat hy nie vir my die naam kan sê verder nie wat ek probeer vasstel.

<u>HOF</u> : Het die getuie ook ŉ antwoord daarop? -- Ja, dit is

die/...

die polisievoertuig.

MNR. JACOBS : Wat het jy nou nog opgemerk? Dit is nou die twee aspekte. Die polisie daar, die stilte? Wat nog?-- Die laaste wat ek gesien het om en by daardie tyd is dat dit stil was, die polisie daar was en toe die polisie weggegaan het, was daar niks anders gewees nie.

En die hele dag van 3 September in die omgewing van u huis het daar niks verder gebeur nie? -- Iets het gebeur.

Nou hoekom moet 'n mens so sukkel om dit uit u te kry?

HOF : U is nie baie billik teenoor die getuie nie. Die getuie was van die begin af gevra om aan te dui wat die eerste ding is wat hy opgemerk het en sy antwoord is nog die tyd toe die polisie weg is. Dit is ongeveer 08h00. U kan nie sê u sukkel om iets uit hom te kry nie, want u het dit nog nie gevra nie.

MNR. JACOBS : Ek het vir hom gevra hy het daardie dag dit gesien, die eerste is die stilte wat hy opgemerk het, die tweede het hy die polisie opgemerk, wat is die volgende wat hy gesien het?

HOF : Omtrent die tyd wat die polisie weg is, is daar verder niks nie. Toe vra u die hele van 3 September het daar niks verder in die omgewing van die huis gebeur nie, toe sê hy daar het iets gebeur. Toe sê u hoekom moet ek so trek om dit uit jou uit te kry. Dit sê ek is onbillik.

GETUIE STAAN AF.

HOF HERVAT OP 10 FEBRUARIE 1988.

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-29-342**
*Document Title:-* **Vol 342 p 19489-195S5. Witnesses: Msimanga, Maime**